

H O O F S T U K III.TIPERING VAN DIE KLEUTERSKOOLO VIR BLANKE KINDERS
IN SUID-AFRIKA. ⁽¹⁾1. INLEIDING:DIE VRAELYS AAN KLEUTERSKOLE:

Dit is nodig dat aan die begin van hierdie hoofstuk 'n beknopte uiteensetting gegee word van die vraelys wat aan kleuterskole vir blanke kinders in Suid-Afrika gestuur is (kyk bylae 2) en wat die reaksie daarop was.

a) DOEL:

Die doel met die vraelys was om van soveel moontlik kleuterskole vir blanke kinders in Suid-Afrika, waarvan die ondersoeker bewus was dat hulle teen die einde van 1961 bestaan het, ⁽²⁾ self gegewens te verkry hoofsaaklik m.b.t. die organisasie ⁽³⁾ van dié skole, ten einde die jongste praktyk in dié verband met die kleuterskool-teorie hier te lande/.....

1. In hierdie hoofstuk sal getrag word om enigsins 'n beeld op te bou van die kleuterskool in Suid-Afrika in sy verskyning en funksionering en wel op grond van die volgende gegewens:

- a) Besondere feite en tendense wat voortvloei uit die historiese agtergrond van die kleuterskool en sy ontwikkeling in Suid-Afrika, soos in die vooraangaande hoofstukke geskets;
- b) bepaalde tendense wat die gegewens verkry uit die vraelys van 'n beperkte aantal kleuterskole openbaar;
- c) inligting en beskouinge verkry uit onderhoude gevoer met privaat persone, departementele amptenare, kleuterskoolonderwyseresse en ampsdraers van die kleuterskoolvereniginge.

Om dan 'n oorsigtelike beeld te kry, moet op die volgende grondvrae oor die kleuterskool duidelike antwoorde gevind word:

- i) Wat is die uitgangspunt van die Suid-Afrikaanse kleuterskool vir blankes?
- ii) Wat is die oogmerke daarvan?
- iii) Wat bied die kleuterskool vir blankes in Suid-Afrika aan?
- iv) Hoe word dié inhoud aangebied?
- v) Watter tendense openbaar die organisasie van die kleuterskool vir blankes hier te lande?

2. Vgl. hierdie verhandeling hoofstuk II, tabel X, pag. 136.

3. Onder die organisasie is verstaan die stigting, instandhouding en beheer van kleuterskole.

lande te probeer vergelyk, bepaalde tendense daaruit te probeer aflei en die kleuterskool vir blanke kinders in Suid-Afrika na sy organisatoriese kenmerke te probeer tipeer.

b) DIE INHOUD VAN DIE VRAELYS:

Ten einde soveel moontlik gegewens t.o.v. die organisasie van die skole te verkry was dit nodig om direkte vrae in die vraelys op te neem oor:

i) die uitwendige organisasie, waaronder behandel is:

- (I) wie verantwoordelik was vir die stigting (vgl. afdeling A van die vraelys);
- (II) die wyse waarop die gebou(-e) en terrein verkry is en die aard en omvang daarvan (vgl. afd. F van die vraelys);
- (III) hoe en deur wie die kleuterskool beheer word (vgl. afd. B van die vraelys);
- (IV) hoe en deur wie die kleuterskool instand-gehou word (vgl. afd. G van die vraelys);

ii) die inwendige organisasie, waaronder behandel is:

- (I) die personeelposisie van die skole en die kwalifikasies van onderwyseresse (vgl. afd. D van die vraelys);
- (II) die aard en omvang van hulpdienste by die skole (vgl. afd. D van die vraelys);
- (III) die beskikbare akkommodasie en die inskrywings van die skole met belangrike aspekte wat daarmee saamhang (vgl. afd. C en afd. E van die vraelys.)

Omrede die lengte van die vraelys is vrae oor wie die kleuters na en van die skool vergesel, oor bepaalde soorte meublement en apparaat en oor was-, slaap- en kookgeriewe weggelaat.

iii)/.....

iii) REAKSIE OP DIE VRAELYS:

Die vraelys is in beide landstale tesame met 'n begeleidende brief aan 233 kleuterskole en -klasse vir blanke kinders in Suid-Afrika gestuur. Aan 4 kleuterskole vir kinders met bepaalde fisiese gebreke, asook aan kleuterskole waarvan die ondersoeker bewus was dat hulle nie meer in 1962 sou voortbestaan nie, is geen vraelyste gestuur nie, terwyl van 16 kleuterskole se bestaan verneem is nadat die ontvangte antwoorde vir 'n groot deel reeds verwerk was.

Van die 233 vraelyste is 107 terug ontvang, waarvan 89 bruikbare antwoorde bevat het en afkomstig was van:

72 kleuterskole wat provinsiaal gesubsideer word;

2 kleuterskole wat geheel deur die D.O.K.W.

onderhou word;

1 kleuterskool wat geheel deur 'n munisipaliteit onderhou word;

8 privaat, nie-geregistreerde of „om-eie-gewin“-skole;

6 privaat, geregistreerde kleuterskole.

Slegs van Rooms-katoliek-beheerde kleuterklasse is geen bruikbare antwoorde ontvang nie.⁽⁴⁾

2. DIE UITGANGSPUNT:

- a) Soos die geval in lande waar kleuterskole bestaan, is die uitgangspunt van die Suid-Afrikaanse kleuterskool die kind van voorskoolpligtige ouderdom. Skoolpligtige ouderdom is in die Oranje-Vrystaat, Kaapprovinsie en Natal die sewende lewensjaar, terwyl in Transvaal die skoolplig 'n aanvang neem vanaf die begin van die jaar waarin die kind 7 jaar oud word.

Uit/.....

4. Vgl. verder die Inleiding tot hierdie verhandeling, par. 3 en 4.

Uit 89 antwoorde verkry op vraag 14 van die vraelys aan kleuterskole kan afgelei word dat in alle oorwegend Engelse, Afrikaanse en Joodse kleuterskole die minimum en maksimum ouderdomspan 2 tot 6 jaar is. Die oorwegende tendens is egter om kleuters te trek tussen die ouderdomme 3 tot 5 jaar. Dit word veral gestaaf as die ouderdomsverspreiding in 62 kleuterskole, wat vraag 15 volledig voltooi het, ontleed word:

TABEL XI: OUDERDOMSVERSPREIDING IN 62 KLEUTERSKOLE:

OUERDOM.	% VAN TOTALE INSKRYWING.
2 jaar	5.0%
3 jaar	19.6%
4 jaar	31.5%
5 jaar	35.3%
6 jaar	8.6%

Uit die voorafgaande is dit ook duidelik dat die meeste kleuters in genoemde 62 skole, vier- en vyfjariges is, nl. 66.8% van die totale inskrywing. As nou in aanmerking geneem word dat die meeste kinders reeds op sesjarige ouderdom die provinsiale skole begin besoek, dan is die lae % sesjariges in hierdie kleuterskole, waarvan 38 in Transvaal, te verklaar. Dit wil voorkom of dit ook nie 'n algemene neiging is by ouers om kleuters reeds op tweejarige ouderdom na die kleuterskool te stuur nie. Die oorwegend Joodse kleuterskole vertoon baie beslis die neiging om slegs drie- tot vyfjariges toe te laat.

Die voorskoolse kind waarmee die kleuterskool hom in Suid-Afrika bemoei, is dus die peuter (twee- en driejarige) en die kleuter (vier- tot sesjarige).⁽⁵⁾

b)/.....

- b) Hierdie kind van twee tot ses jaar word in die eerste plek gesien as onafskeidelik verbonde aan 'n huisgesin, wat as die vitaalste faktor in die vorming van die persoonlikheid van sy lede beskou word. Daar is dan ook male sonder tal deur die apostels van die kleuterskoolbeweging verklaar dat die kleuterskool nie 'n plaasvervanger vir die huis is of wil wees nie, maar slegs 'n waardige bystand en verlengstuk daarvan. Die kleuter word dan gesien as wese met sosiale oorsprong wat bepaalde moontlikhede maar ook behoeftes in die verband het.⁽⁶⁾

Maar hierdie kind word ook, op grond van die resultate van navorsing op die gebied van die medisyne, sosiologie, sielkunde en opvoedkunde in hierdie eeu, in besonder gesien as 'n dinamies ontwikkelende en ontplooiende individu, met eie unieke belangstellinge en gawes, wat hom in 'n sodanig grondliggend vormende lewensstadium bevind, dat die aard van fisiese, verstandelike, emosionele en sosiale toestande en beïnvloeding in hierdie tyd absoluut bepalend is vir latere karakter- en persoonlikheidsontwikkeling.⁽⁷⁾

In die kleuterskoolkind se lewe word weer fisies en geestelik verskillende opeenvolgende en ineenvloeiende lewens-tydperke onderskei, elk met sy bepaalde kenmerke, besondere behoeftes en dan ook eise wat dit aan die opvoeder stel. Daardie stadia is hoofsaaklik gegrond op die bevindinge van die biologie en sielkunde en dit lê 'n individuele basis neer vir elke ontwikkelende persoonlikheid. Reeds in 1946 het mej. M. Kriel op die kongres van die S.A.O.U. verklaar:

„die/.....

6. Vgl. Arndt, dr. Ruth : Presidensiële rede, Durban, 5 Julie 1960; stukke van die K.S.V. van S.A.

7. Vgl. Arndt, dr. Ruth : op cit.

Vgl. ook:

Arndt, dr. Ruth : Presidensiële rede, Bloemfontein, 5 Julie 1961; stukke van die K.S.V. van S.A.

„die basis van die kleuterskool is die
indiwiiduele sielkunde van die kind.” (8)

Wat meer is, die kleuterskoolbeweging in die algemeen grond vandag sy geldigheid van bestaan op die bewering dat dit die geboortereg van elke kind is om slegs die beste fisiese, verstandelike, emosionele en sosiale versorging en leiding te ontvang in 'n steeds sneller veranderende wêreld op die gebied van die ekonomie, tegnologie, maatskappy en staat, sodat hy eendag as gebalanseerde, nuttige mens sy volwaardige burgerskap sal beoefen en help bou aan die geluk van die mensdom. (9)

Die mensbeskouing van die kleuterskool, ook in besonder in Suid-Afrika, is dus kenmerkend humanisties-liberalisties: die kleuter, as indiwidu, met sy besondere behoeftes, drange, belangstelling en gawes, wat as volle persoonlikheid in die breedste sin van die woord ontwikkel moet word, staan skerp in die middelpunt van die kleuteropvoeding. (10) Die kleuterskool is hierin tipiese voorbeeld van die sogenaamde „nuwe” opvoeding.

- c) Daar kan egter, na wat vasgestel is, met veiligheid beweer word dat die kleuters in skole verbonde aan weeshuise van die Afrikaanse kerke uitgesproke gesien word as Skepsele Gods. Daar dien egter op gelet te word dat hierdie skole uit geheel ander oorweginge en inisiatief gestig is en bestaan en slegs 'n nietige ongeveer 1% van die totale aantal kleuterskole in Suid-Afrika uitmaak, sodat hierdie
- religieuse/.....

-
8. Kriel M.M. : „Kleuterskole en die Onderwys van die voor-skoolse kind”, referaat gelewer voor die 42ste kongres van die S.A.O.U.; „Die Unie”, 42ste jaargang nr. 3, 1946, pag. 63 verder.
9. Vgl. bv. dr. Ruth Arndt se redes gelewer voor jaarvergaderinge van die K.S.V. van S.A. te Pietermaritzburg, 2 Okt. 1958; Durban, 5 Julie 1960; Bloemfontein, 5 Julie 1961; stukke van die K.S.V. van S.A.
10. Vgl. Coetzee, J.C. se karakterisering van die „Nuwe Opvoeding” in sy „Die Moderne Opvoeding”, pag. 24 verder.

religieuse uitgangspunt in die opvoeding by verre nie as kenmerkend van die oorwegende aantal kleuterskole in Suid-Afrika aanvaar kan word nie.

So sien ook die Jood die kind binne die raamwerk van sy holistiese lewensopvatting as gawe Gods wat opgevoed moet word tot aanvaarding en beoefening/vertroeteling van die Judaïsme.

3. DIE DOEL:

In noue verband met die vorige wil veral die erkende kleuterskool in Suid-Afrika in lyn met die oorheersende lewensbeskouing daarin:

- a) Die kleuter in sy totaliteit as individu opvoed;
 - b) die kleuterouer, waar dié bestaan, voorlig en opvoed.
- a) T.o.v. die individuele kind wil die kleuterskool aanvullend tot die ouerhuis die gewenste geleentheid skep vir die beste fisiese, verstandelike, emosionele en sosiale ontwikkeling van die kleuter:
- i) Die kleuterskool beoog om die kleuter fisies gesond te ontwikkel deur, in samewerking met die ouerhuis, gereelde mediese toesig en behandeling te verseker, doeltreffende aktiwiteite vir die ontwikkeling en ko-ordinasie van kleinere en groter spiere daar te stel, en deur die voorsiening van voldoende vars lug, lig en higiëniese toestande en om onder behoorlike toesig te waak oor die veiligheid van kleuters;
 - ii) die kleuterskool beoog om die kleuter verstandelik te ontwikkel deur die voorsiening van sielkundig gefundeerde aktiwiteite en apparaat, waardeur die verbeelding en denke van die klein geprikkel en geoefen word en sensoriese beheer ontwikkel word op n basis van vrye uiting en eksperimentering;
 - iii) die kleuterskool beoog om die gemoed van die kleuter ten goede te vorm deur gevoelvolle gebruik van die taal in paslike verhale, poësie, dramatisering en sang/.....

sang, deur praktiese gebruik van ander kunsvorme binne sy vermoë, deur hom steeds te omring met die mooie, skone en integriteit en deur tug en dissipline;

- iv) die kleuterskool wil die kleuter sosiaal ontwikkel deur die geleenthede daar te stel vir samewerking, saamdoen en saamlewe met sy maats, waarin die regte van ander erken moet word, die taal as kontakmiddel gebruik moet word en die waarde van saamwees, eensgesindheid en intense beleving uiteindelik gevestig moet word.⁽¹¹⁾

- b) Die kleuterskool beoog egter ook oor die algemeen in Suid-Afrika die voorligting van kleuterouers, die verskerping van hulle belangstelling in die gawes en behoeftes van hulle eie kinders en die uiteindelijke verhoging van die peil van voor-skoolse opvoeding, deur ouers te help bring tot aanvaarding en beoefening van hulle ouerskap in die volle sin van die woord. Die kleuterskool beoog dan in dié verband om eerstens die voordelige samewerking van die ouers, en dan veral die moeder, te verkry en om tweedens n inrigting daar te stel wat in breë trekke die atmosfeer en gees van die huis sal weerspieël en adem. Die kleuterskool beoog nie om die kleuter uit sy natuurlike verband te ruk waar dié nog bestaan nie, maar wil koöperatief aanbied

- i) dit wat die indiwiduele ouerhuis, by gebrek aan een, meer of almal van die volgende nie kan bied nie: tyd, gesondheid, kennis, gesonde opvoedingspeil, liefde, egalige emosionaliteit, ruimte, geld, broers en/of susters vir die kleuter;

ii)/(pag. 153).

11. Vgl. hiervoor:

- a) Arndt, dr. Ruth : Presidensiële rede, Bloemfontein, 5 Julie 1961; stukke van die K.S.V. van S.A.
 b) K.S.V. van S.A. : "Die Kleuter en Kleuterskole in Suid-Afrika".
 c) K.S.V. van S.A. : Memorandum voorgelê aan die Nasionale Gesondheidsraad, 1950; stukke van die K.S.V. van S.A.
 d) Armstrong, E. : "Wat is n Kleuterskool?", artikel in "Lantern", jaargang 7, nr. 1, Okt. 1957, pag. 77.

B E K N O P T E

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE INHOUD VAN

KLEUTERSKOLE IN S.A.

DIE KLEUTERSKOOI.

FISIESE VERSORGING EN

GEWOONTEVORMENDE AKTIWITEITE:

1. Oggendondersoek.
 2. Periodieke mediese en tandheelkundige ondersoeke.
 3. Die aanleer van higiëniese en gereelde toiletgewoontes.
 4. Rus : liggaamlike ontspanning vir kort periodes en/of slaap.
 5. Voeding : versnaperinge en/of middagetes.
-

ONTWIKKELINGS-

AKTIWITEITE :

1. Binnenshuis

- | | | | | |
|-----------------|---|------------------------|---|--|
| a. <u>Vry</u> | : | i) <u>Indiwiidueel</u> | : | Teken (verf, kryt); modellering (klei); prentekyk; speelgoed. |
| | | ii) <u>Groep</u> | : | Verhaaltjies. |
| b. <u>Gerig</u> | : | i) <u>Indiwiidueel</u> | : | Vlyt: papier knip en plak, ryg van krale; opvoedkundige apparaat (Froebelblokke; Montessori-apparaat e.a.); Legkaarte; slagorkes; geselsies oor bepaalde onderwerpe. |
| | | ii) <u>Groep</u> | : | Sang- en musiekspeler; rympties en poësie; dramatisering van verhale; na-bootsspele en spele i.v.m. huishouding; nuusbrokkies; eenvoudige projekte; slagorkes. |
-
- ##### 2. Buitenshuis
- | | | | | |
|-----------------|---|------------------------|---|---|
| a. <u>Vry</u> | : | i) <u>Indiwiidueel</u> | : | Speelgoed op grond, gras en/of in sandbak; skoppelmaai; (kyk ook binnenshuis). Balanseerspele of oefeninge; speel met speelgoed in water; modder. |
| | | ii) <u>Groep</u> | : | Wipplank; draaiwiel; jaag- en vangspeletjies; glyplank; fantasie- en nabootspele. |
| b. <u>Gerig</u> | : | i) <u>Indiwiidueel</u> | : | Klimapparaat; tuinwerk; versorging van troeteldiertjies. |
| | | ii) <u>Groep</u> | : | Verkeerspele; tuinwerk en waarneminge (Elementêre Natuurkennis); uitstappies na bepaalde plekke en geselsies met besondere persone. |

- ii) die verhoging van die peil van die huislike opvoedingsfunksies. (12)

Beide voorgaande hoofopmerke is dan samevattend daarop gerig om die drange en behoeftes van die kleuter ten goede te bevredig, hom te bring tot beheer van homself en sy omgewing en om konstruktief en breed die grondslae te help lê vir die ontwikkeling van n geïntegreerde persoonlikheid, wat tot nuttige burger of burgeres van n Suid-Afrikaanse volk sal groei. En daarmee is die kleuterskool weereens n tipiese verteenwoordiger van die sgn. „nuwe” opvoeding.

4. DIE INHOUD:

a) DIE AKTIWITEITSPROGRAM:

- i) Deur middel van watter leerstof, aktiwiteite en apparaat wil die Suid-Afrikaanse kleuterskool vir blankes nou die hierbo breedopgesette en hoë ideale bereik? Van 41 kleuterskole van verskeie tipes is afskrifte van daaglikse en/of weeklikse aktiwiteitsroosters ontvang waarop die aard van aktiwiteite, die duur daarvan en die groepering van die kleuters aangedui is, waar in lg. geval die inskrywing en beskikbare personeel sodanige groepering prakties moontlik en nuttig maak. Daarnaas het nog n verdere 48 kleuterskole antwoorde op vrae 26c tot 26k van die vraelys verskaf, terwyl ook insae verkry is in enkele skemas of leerplanne van erkende kleuterskole waarin o.a. die soort spele, verhale, apparaat of materiaal wat gebruik word vervat is.
- ii) Die skematiese voorstelling op die vorige bladsy gee enigsins n samevattende beeld van die algemene aard van/.....

12. Vgl. veral

Arndt, dr. Ruth : Presidensiële redes, Durban, 5 Julie 1960 en Bloemfontein, 5 Julie 1961; stukke van die K.S.V. van S.A.

van die kleuterskoolinhoud en is nie bedoel om al die aktiwiteite, ens. van die kleuterskole wat gegewens verstrek het weer te gee nie, hoewel die skema op grond van daardie gegewens opgestel is. Die ooreenkomste in die aard van hierdie 41 skole se aktiwiteite is so groot, dat dit te betwyfel is of die res van die kleuterskole in Suid-Afrika, veral gesubsideerde kleuterskole, gesien die standarde van die provinsies en die Kleuterskoolvereniging van S.A., se programme n ander patroon sal vertoon.

Na die aard van die inhoud wil die kleuterskool dan by uitstek n opvoedkundige inrigting wees, wat opvoedkundige fasiliteite aan die kleuter wil bied waarvan die hooftrekke is:

- (I) Fisiese versoring en ontwikkeling;
- (II) verstandelike en emosionele ontwikkeling;
- (III) sosiale ontwikkeling.

Na die aard van sy program is die kleuterskool in die eerste plek opvoedkundig-vormend en nie sosiaal-versorgend nie.

Vernaamste kenmerke van die aktiwiteitsprogram is dat dit verdeel word in binnenshuise en buitenshuise aktiwiteite, wat elk weer onderverdeel word in vrye en gerigte aktiwiteite. Met inagneming van iv) hieronder wil dit uit die ontvangte antwoorde op vraag 26 (c - g) voorkom of hierdie kenmerke in omvang oor die algemeen geneem nagenoeg gelyk verteenwoordig is in die program.

iii) Die aanbieding van programme wat daardie hooftrekke vertoon is gefundeer in die volgende opvattinge en/of beginsels:

- (I) Die ekonomiese en maatskaplike samestellinge van gemeenskappe in S.A., waardeur die normale beoefening van die primêre funksies van die huis erg versteur is, veral in die grotere

stede/.....

stede, vereis vandag koöperatiewe voorsiening van die beste geleenthede aan alle voorskoolse kinders om tot geïntegreerde en sosiaal-aangepaste persoonlikhede te ontwikkel in daarvoor doeltreffend ingerigte, ruim inrigtings onder leiding van deeglik opgeleide onderwyseresse.

(II) Die lewenstydperk twee tot sewe jaar is fundamenteel vir alle latere fisiese en geestelike ontwikkeling en verg eerstens in samewerking met die huis gereelde, georganiseerde, gesaghebbende mediese, tandheelkundige en higiëniese sorg, tweedens gesonde verstandelike en emosionele ontwikkeling in 'n tydperk van nuuskierige soeke en ontdekking en derdens sosiale ontwikkeling in 'n tydperk wanneer die peuter vanaf sy tweede jaar al meer en wyer kontakte soek.

(III) Selfs die normale huis kan uit die aard van die saak vandag nie meer aan die kleuter bied, aan ruimte, aktiwiteit en sosiale aanpassing, wat deur 'n goedbeplande, goedtoegeruste kleuterskool gebied kan word nie.

(IV) Die oorgrote getal kleuters is nie ryp vir formele onderrig voor die sesde lewensjaar nie.⁽¹³⁾

iv) By die ontleding van al die voorgaande is gekom tot onderskeiding van die volgende faktore wat die aard, omvang en organisasie van die kleuterskoolinhoud oor die algemeen in wese bepaal:

(I)/.....

13. Vgl. hiervoor:

- a. Arndt, dr. Ruth : Presidensiële redes, Pietermaritzburg, 2 Okt. 1958 en Durban, 5 Julie 1960 en Bloemfontein, 5 Julie 1961; stukke van die K.S.V. van S.A.
- b. K.S.V. van S.A. : „Die Kleuter en Kleuterskole in S.A.”
- c. Snyman, prof. dr. J.J. : „Die Wese en grense van die Primêre Skool”, inougurele rede, bylae tot „Koers”, dl. XXII, nr. 1, Augustus 1954.

- (I) Die ouderdom, vermoë en belangstelling van kleuters;
- (II) die beskikbare ruimte binnens- en buitenshuis;
- (III) die omvang en moontlikhede van bruikbare apparaat, middele en materiaal wat deur beskikbare ruimte, fondse en geskenke toegelaat word;
- (IV) die tipe kleuterskool:
 - a. ooreenkomstig die lengte van die skooldag;
 - b. ooreenkomstig die oorwegende nasionaliteit van die skool hoofsaaklik in geval van die Joodse skole;
- (V) die beskikbare getal opgeleide en onopgeleide personeel, met inagneming van ervaring en aanleg;
- (VI) die seisoen van die jaar en daarmee saamhangend die daaglikse weersomstandighede;
- (VII) die eis van doelgerigtheid en gebalanseerdheid van die program.

b. DIE MEDIUM OF VOERTAAL:⁽¹⁴⁾

- i) Soos reeds bepaal is kleuterskoolonderwyseresse van ondersteunde kleuterskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat volgens regulasie verplig om kleuters in hulle natuurlike omgangstaal, d.w.s. moedertaal aan te spreek. Verder het die K.S.V. van S.A. ook die beginsel aanvaar dat die voertaal van die kleuterskool die moedertaal sal wees in soverre dit die individuele kind raak, d.w.s. die onderwyseres spreek die kleuter in sy moedertaal aan. Ook die K.V.K. en T.V.K. aanvaar in breë trekke dié beginsel, sodat aanvaar word dat alle
 kleuterskole/.....

14. Vgl. ook hierdie hoofstuk, 6 c. (iii) V, pag.198 hieronder.

kleuterskole wat hulle steun en stukrag uit al hierdie bronne ontvang, hierdie beginsel onderskryf en toepas. Oor nie-geregistreerde privaat kleuterskole bestaan geen kontrole in die verband nie. In soverre die teoretiese situasie wat die taal as oordrag-of vormingsmiddel in die Suid-Afrikaanse kleuterskool betref.

ii) Om tot 'n ontleding van die praktiese situasie van die gebruik van taal in die Suid-Afrikaanse kleuterskool en die afleiding van bepaalde kenmerke in dié verband te kom, moet agtereenvolgens getrag word om antwoorde op die volgende vrae te vind:

(I) Watter tale word in die Suid-Afrikaanse kleuterskool gebruik en moet dus as draers van bepaalde geestesinhoud in die oordrag en omgangsproses in die kleuterskool beskou word?

(II) Watter wyses van gebruik van die taal word in die Suid-Afrikaanse kleuterskool aangetref?

(III) Hoe word die kleuters gegroepeer?

(IV) Hoedanig is die taalgroepe in die inskrywings van die kleuterskool verteenwoordig?

(V) Watter afleidings is daar uit die „taalpatroon“ van die kleuterskool te maak?

(I) WATTER TALE WORD GEBRUIK?

In die Suid-Afrikaanse kleuterskool vir blanke kinders word sover bekend deurgaans van die twee offisiële landstale gebruik gemaak waar nodig. Kinders uit Joodse huise word vir die doel van die kleuterskool in die reël as Engelssprekendes geklassifiseer. Kleuters uit Hollandse, Duitse, Italiaanse, Griekse en Hongaarse huise word in óf Afrikaans óf Engels aangespreek, waarskynlik na gelang die ouer verkies.⁽¹⁵⁾ Onderwyseresse word ook nie opgelei om spesifiek/.....

15. Vgl. bv. die aansoekvorms om toelating tot kleuterskole.

spesifiek met die huistaal van hierdie leerlinge rekening te hou nie. Daar dien ook weer hier op gewys te word dat die South African Board of Jewish Education blykbaar voorkeur gee aan onderwyseresse met opleiding in Hebreeus vir oorwegend Joodse kleuterskole.⁽¹⁶⁾

(II) WATTER WYSES VAN GEBRUIK VAN DIE TAAL BESTAAN DAAR?

In die Suid-Afrikaanse kleuterskool vir blanke kinders moet in teorie twee wyses of situasies van gebruik van taal aanvaar word:

- (1) Eerstens is daar die taalgebruik of -kontak tussen die onderwyseres en die kleuter, waarin eersgenoemde die kleuter in sy huistaal of natuurlike omgangstaal aanspreek, individueel en in die groepsituasie. Dit kom daarop neer dat die onderwyseres in alle groep-situasies van gemengde taalgroepe beide landstale om die beurt sal moet besig: wat in een taal ter wille van 'n deel van die groep gesê of vertel is, sal weer oorgesê moet word in die ander taal ter wille van die ander deel (al is dit net een kleuter) van die groep.
- (2) In alle gevalle waar kleuters van verskillende taalgroepe met mekaar kontak maak, spreek hulle mekaar aan in die taal waarmee hulle die beste oor die weg kom.

(III) HOE WORD DIE KLEUTERS GEGROEPEER?


Indien die kleuters in die kleuterskool volgens taalgroepe gegroep word, sal die praktiese situasie (met sy bepaalde geestelike klimaat en beïnvloeding) soos onder II (1) hierbo beskryf, nie nodig wees in die geval van 'n kleuterskool/.....

16. Vgl. ook hierdie verhandeling hoofstuk II, 4 (h), pag. 92

GRAFIEK I: Grafiese voorstelling van 23 kleuterskole se persentasie inskrywings uit
ENGELSE , AFRIKAANSE , JOODSE en "ANDER" huise.

(L.W. SKOLE OP GRAFIEK WILLEKEURIG GERANGSKIK)

SKAAL VIR AL DIE GRAFIEKE:
HORIZONTAL: Elke $\frac{1}{2}$ " een skool.
VERTIKAAL: $\frac{1}{10}$ " stel voor 2%.




———— : Verbind % kinders uit Engelse huise.
----- : Verbind % kinders uit Afrikaanse huise.

..... : Verbind % kinders uit Joodse huise.
- . - . : Verbind % kinders uit "Ander" huise.


160(a).

GRAFIEK 2: Voorstelling van 9 kleuterskole se persentasie inskrywings uit Engelse, Joodse en Afrikaanse huise.




- : Verbind % kinders uit Engelse huise.
 --- : Verbind % kinders uit Afrikaanse huise.
 : Verbind % kinders uit Joodse huise.


GRAFIEK 3: Voorstelling van 12 kleuterskole se persentasie inskrywings uit Engelse en Afrikaanse huise.




GRAFIEK 4: Voorstelling van 5 kleuterskole se persentasie inskrywings uit Engelse en Joodse huise.



GRAFIEK 5: Voorstelling van 8 kleuterskole se persentasie inskrywings uit Engelse, Afrikaanse en "Ander" huise.



GRAFIEK 6: Voorstelling van 6 kleuterskole se persentasie inskrywings uit Engelse, Joodse en "Ander" huise.



- _____: Verbind % kinders uit Engelse huise.
: Verbind % kinders uit Joodse huise.
 .-.-.-.: Verbind % kinders uit "Ander" huise.

kleuters in hulle huistaal te bedien. Dat die inskrywingspatroon (-patrone) van hierdie 63 skole verteenwoordigend moet wees van haas alle blanke kleuterskole in Suid-Afrika, is af te lei uit:

- (1) Die feit dat geen provinsie suiwer moedertaalkleuterskole d.m.v. regulasies vereis nie. Die direkteur van Onderwys in Transvaal meld in sy verslag van 1956 dat alle kleuterskole in Transvaal beide taalgroepe toelaat;
- (2) die beleide of standpunte van die kleuterskoolvereniginge in dié verband;
- (3) die samevatting van gegewens in die pamflet van die K.S.V. van S.A.: „Die Kleuter en Kleuterskole in Suid-Afrika" (1954), pag. 6.

Vir die nadere interpretasie van die persentasieverteenvoording van verskillende taalgroepe in die inskrywings van bepaalde kleuterskole (kyk grafieke 1 tot 6) en vir vergelyking van skole wat dieselfde inskrywingspatroon openbaar, is van die volgende teoretiese argumente as basis uitgegaan:

- (1) Verskillende tale en groepe op gelyke vlak binne dieselfde kleuterskool sal mekaar wedersyds beïnvloed;
- (2) 60% of meer verteenwoordiging van n taalgroep in n skool bring noodwendig mee dat die bepaalde taal van daardie groep onderling meer, indien nie oorheersend nie, gebruik sal word in verhouding tot die ander taal, waardeur die bepaalde lewensmilieu of geestesinhoud wat deur die taal as draer van die groep se kultuur wat also die kleuterskool ingedra word, ook geldender sal wees in daardie bepaalde skool en n sterker beïnvloedende faktor bo en op die ander taal. So n taalgroep/.....

taalgroep word dan n geldende groep na gelang van sy verteenwoordiging en sal sig uit die aard van die saak nog sterker laat geld as die onderwyseres, hoewel deeglik tweetalig, in wese tot daardie selfde groep behoort;

- (3) in dieselfde lig is aanvaar dat minder as 40% verteenwoordiging van n taalgroep in die inskrywing van n bepaalde skool daardie groep n onbelangriker, indien nie nietige, faktor maak in die bepaalde skool;
- (4) 40 - 59% verteenwoordiging van n taalgroep in n bepaalde skool maak van dié groep n faktor van nagenoeg gelyke krag en beïnvloeding in verhouding met die ander groep(-e).

Daar dien op gelet te word dat in die voorgaande glad nie die algemene krag van n bepaalde kultuur, of die agtergrond en sosiale stand, of selfs die persoonlikheid van die kleuter of bepaalde kleuters in aanmerking geneem is nie. Hierdie faktore sal m.i. bepaald n rol speel in die graad van beïnvloeding van n bepaalde taalgroep op n ander groep.

Op grond van die voorafgaande basis kan nou die volgende samevatting van die inskrywings van gemelde 63 kleuterskole gemaak word uit grafieke 1 tot 6.

(L.W. - Die kleuters uit Joodse huise is deurgaans saam met die kleuters uit Engelse huise gereken, terwyl die persentasie verteenwoordiging van tale anders as Engels en Afrikaans en wat op die grafieke as een groep samegevat is, vir alle praktiese doeleindes in die onderstaande tabel buite rekening gelaat is.)

TABEL XIII:/.....

TABEL XIII: GROEPING VAN SKOLE OOREENKOMSTIG DIE
PERSENTASIE-VERTEENWOORDIGING VAN TAALGROEPE IN 63

SKOLE.

Getal kleuterskole.

Kleuterskole met % inskrywings.	Grafiek 1	Grafiek 2	Grafiek 3	Grafiek 4	Grafiek 5	Grafiek 6	Totaal.	Nommers van skole op grafieke.
1. <u>Oorheersend Engelssprekend</u> :	17	6	8	5	2	6	44	1 - 9; 11; 12 - 15; 21 - 23. 1 - 4; 7 en 8. 1 - 8. 1 - 5. 1 en 2.
2. <u>Oorheersend Afrikaans- sprekend</u> :	2	1	3	0	4	0	10	16, 17. 5. 10 - 11. 3 - 6.
3. <u>Waar taalgroepe nagenoeg gelykverteenvoordigend is</u> :	4	2	1	0	2	0	9	10, 18 - 20. 6 en 9. 9. 7 en 8.
<u>T O T A A L</u> :	23	9	12	5	8	6	63	

(V) WATTER AFLEIDINGE IS DAAR NOU UIT DIE
VOORGAANDE TE MAAK?

- (1) Hoewel slegs twee tale as voertaal tussen onderwyseres en kleuters gebruik word, is daar tog ook kleuterskole (kyk grafieke 1, 5 en 6) wat kleuters uit bv. Hollandse, Duitse, Italiaanse, Griekse, Hongaarse, ens. huise toelaat sonder dat die beginsel van moedertaalonderrig in die geval van hierdie individuele kleuters konsekwent deurgevoer word. In die geval van veral drie kleuterskole (vgl. grafiek 1, skool nr. 21 en 22 en grafiek 5, skool nr. 6) is die hoeveelheid kleuters van hierdie taalgroepe nogal aansienlik in vergelyking met die ander taalgroepe in daardie skole. In geeneen van die skole is een van hierdie groepe egter 'n oorewegende faktor nie. Die waarskynlikste konsekwensie is dat kleuters uit hierdie groepe uiteindelik in die kleuterskool in die groter ooreheersende taalgroepe geassimileer sal word.
- (2) In die meeste kleuterskole onder behandeling word groepsituasies geskep deur ouderdomsgroepering e.a. waarin die twee tale Afrikaans en Engels gebesig moet word. En dat die omvang van dié gebruik groter is as wat uit die gegewens van ontvangte vraelyste spreek, blyk uit 'n ontleding op dieselfde basis as dié hierbo (kyk par. IV) van die opgawes van 102 gesubsidieerde Transvaalse kleuterskole se inskrywings t.o.v. Engelssprekende en Afrikaanssprekende kleuters in daardie skole in Desember 1961:

Getal/.....

Getal kleuterskole met slegs Engels- sprekende kleuters	: 29
Getal kleuterskole met slegs Afrikaans- sprekende kleuters	: 4
Getal kleuterskole waarin die Engels- sprekende element 60%+ van die inskry- wing uitmaak	: 29
Getal kleuterskole waarin die Afrikaans- sprekende element 60%+ van die inskry- wing uitmaak	: 28
Getal kleuterskole waarin die twee taalelemente nagenoeg gelyk verteenwoor- dig is	: <u>12</u>
	<u>TOTAAL</u> :102

- (3) Wat die taalgebruik-situasies in die kleuterskool vir blanke kinders in Suid-Afrika betref, kan slegs tot die volgende gevolgtrekkings gekom word:
- (a) In die parallelle gebruik van die twee tale deur die onderwyseresse in dieselfde groep-situasie in meerderheid van die kleuterskole onder behandeling, is daar sprake van iets meer as parallelmedium, soos dit in sommige provinsiale skole met parallelle klasse bekend is, maar m.i. ook nie in wese dubbelmedium nie:
- In die kleuterskool word die parallelle gebruik van die tale gelokaliseer tot één onderwyseres en één groep verteenwoordigende beide taalgroepe, maar word die kleuter nie gedwing om na die ander taal te luister en dit te verstaan nie. Die kleuter kan egter nie anders as om wel gedurig of herhaaldelik die ander taal te hoor nie, die wyse van gebruik deur die onderwyseres en die reaksie van die ander groep
- daarop/.....

daarop te belewe nie en uiteindelik uit hoofde van sy weet- en sosiale drif en op grond van die beginsel van suggestibiliteit sterk onder die indruk en atmosfeer van die ander taal te kom nie. Feit bly dat die suggestiewe invloed van die ander taal onmiddellik is. Die feit moet ook aanvaar word dat hierdie soort situasie geskik is vir die toevallige aanleer van die vreemde taal. Dit word juis in Suid-Afrika deur verskeie voorstanders van die kleuterskool aanvaar as een van die situasies om vroeë tweetaligheid te bevorder.⁽¹⁸⁾ Etlike ouers, soos ook blyk uit voltooide inskrywingsvorme van kleuterskole wat die rede vir aansoek om inskrywing vereis waarin die opsteller insae gehad het, noem die moontlikheid van die vroeë aanleer van die tweede taal as rede waarom hulle hulle kleuters na die kleuterskool stuur.⁽¹⁹⁾ Feit is egter ook dat hierdie parallelle gebruik van die tale in die kleuterskool onekonomies is. Die beste geleentheid bestaan om hierdie onekonomiese faktor in die praktyk uit te skakel deur suiwer dubbelmedium, sodra die groep daartoe gekom het om beide tale te begryp. Die tipe groepsituasie wat in meerderheid kleuterskole onder behandeling bestaan, skep die geleentheid tot 'n dubbelmediumstelsel, waarin/.....

-
18. Vgl. bv. die verslae van die jaarvergadering van die K.S.V. van S.A. gehou op 27 en 28 Sept. 1948 : O.D.O.V.S., afskrifte in lêer Z443/4. (By hierdie geleentheid het mnr. A.S. Holland, raadslid Johannesburgse Stadsraad, hom o.a. soos volg uitgelaat : "I think the question of dual medium will be settled in the nursery schools.Children between the ages of two years and six years would mop up the second language with no trouble at all.")
19. Ooreenkomstig verskeie verslagvorme van kleuterskole word aan ouers verslag gedoen van die vordering van hulle kinders in die gebruik van die tweede taal.

waarin die twee tale om die beurt en afsonderlik vir gedeeltes van die program in dieselfde groepsituasie deur die onderwyseres gebesig word, d.w.s. één storie word bv. in Engels vertel en n ander weer in Afrikaans vir dieselfde groep.

- (b) Die situasies van watter aard ook wat ontstaan wanneer twee of meer kleuters van verskillende taalgroepe met mekaar elkeen d.m.v. sy eie taal kontak maak, gedagtes wissel, is in wese dubbelmediumsituasies: beide kleuters dwing mekaar om na mekaar te luister en mekaar te verstaan om sosiaal te verkeer en uiteindelik n sosiale eenheid te vorm.
- (4) Dit wil voorkom of die Engelse taalelement, oor die algemeen gereken, die kleuterskool vir blanke kinders in Suid-Afrika oorheers, of dat Engels-sprekende ouers in groter mate as Afrikaanssprekende ouers verkies om hulle kinders na kleuterskole te stuur.
- (5) Die indruk word baie sterk geskep dat:
 - (a) óf die gemengde taalsituasies en daarmee noodwendig gepaardgaande vermenging van geestesinhoud, kulture deur die Suid-Afrikaanse kleuterskoolaanhangers en -organiseerders beskou word as n faktor van weinig invloed op die persoonlikheidsontwikkeling van die kleuter in sy kultuurverband en dat die toestand in oorgrote meerderheid van die skole onder behandeling beskou word as verlengstuk van die huise waaruit die betrokke kleuters kom;

(b)/.....

(b) óf dat die gemengde taalsituasies juis beskou word as doeltreffende middel om op 'n vroeë lewensstadium reeds die geestelike klimaat te skep en die grondslae te lê vir die gelykshakeling van blanke kulture in 'n land van verskillende bevolkingsgroepe.

c. GODSDIENS IN DIE KLEUTERSKOOLPROGRAM:

Ten slotte moet hier probeer bepaal word watter plek godsdiens, die onderrig en beoefening daarvan, in die programme van kleuterskole wat vroeë 26h. tot k. beantwoord het inneem.

i) Vraag 26h:

"Is daar 'n vaste periode op die rooster vir godsdiens-oefeninge?" Die antwoord was soos volg:

TABEL XIV: OPGAAF VAN KLEUTERSKOLE MET GODSDIENSOEFENING IN HULLE PROGRAMME:

Soorte kleuterskole.	Aantal posi- tiewe ant- woor- de.	Aantal nega- tiewe ant- woor- de.	To- taal.	Persen- tasie posi- tiewe ant- woorde.
1. Oorwegend Afr. en Eng. erkende, geregistreerde kleuterskole	16	33	49	32.7
2. Oorwegend Joodse erkende, geregistreerde en nie-geregistreerde kleuterskole	6	8	14	42.9
3. Privaat, nie-geregistreerde kleuterskole	3	4	7	42.9
<u>TOTAAL</u>	25	45	70	35.7

Die antwoorde van die 2de en 3de soorte skole ontvang, word as te min beskou om die tendense daarvan met dié van die eerste soort of mekaar te vergelyk. Oor die algemeen geneem is dit af te lei dat t.o.v. hierdie 70 kleuterskole daardie skole wat een of ander vorm van godsdiens-oefening in hulle programme insluit, deurgaans in die minderheid is.

ii)/.....

ii) Vraag 26i:

„Indien wel, watter vorm neem dit aan?"

Uit die voorgenoemde 25 bevestigende antwoorde kan die volgende vorme van godsdiensoefening onderskei word:

In oorwegend Joodse kleuterskole:

Sang en verhale en/of onderrig i.v.m. Joodse fees-dae. (L.W. - Ten minste 2 van die 6 Joodse skole het Joodse, Engelse en Afrikaanse kleuters in hulle geledere!)

In ander kleuterskole:

Gebied, sang en verhale. Die gebied by opening of voor etes en/of verversings maak die vernaamste vorm van godsdiensoefening in die meerderheid van hierdie skole uit. 8 Skole berig dat die verhaal as vorm gebruik word en in hierdie gevalle moet vraag 26i) ook saam met vraag 26j) gesien word.

iii) Vraag 26j:

„Het u 'n gereelde periode vir Bybelverhale op die rooster?"

Hierop het 15 uit 68 kleuterskole (22.1%) bevestigend geantwoord. Drie van lg. antwoorde is afkomstig van oorwegend Joodse kleuterskole en twee van kleuterskole verbonde aan Afrikaanse kerklike weesinrigtings, waarvan af te lei is dat 10 uit 63 (15.9%) ander kleuterskole, 'n gereelde periode vir Bybelverhale op die rooster het. Verder, behalwe dat die bedoelde periode onder die sgn. „oggendkring" op die programme ingeskakel word, dui nie een van die ontvangende roosters spesifiek „godsdiensoonderrig" of „Bybelverhaal" of „godsdienstige leiding" aan nie.

iv) Vraag 26k:

„Word die Bybelverhaal soms tydens die storieperiode gebruik?"

41 uit 67 kleuterskole (61.7%) het hierop bevestigend geantwoord. 9 van die antwoorde is afkomstig van oorwegend Joodse kleuterskole en twee van kleuterskole aan Afrikaanse kerklike weesinrigtings, sodat 30 uit 56 (53.6%) ander kleuterskole soms die Bybelverhaal tydens die storieperiode gebruik.

v) Vrae 26h., j. en k. samevattend:

Altesaam 72 kleuterskole het een of meer van hierdie vrae beantwoord. 58 antwoorde is van nie-Joodse kleuterskole afkomstig. Die antwoorde kan soos volg ingedeel word:

TABEL XV: SAMEVATTENDE TABEL M.B.T. GODSDIENS IN JOODSE EN NIE-JOODSE KLEUTERSKOLE.

	Joods.		Ander.	
	Getal.	%.	Getal.	%.
Positiewe antwoorde op 26h. en/of j.	6	42.9	20	34.5
Positiewe antwoorde uitsluitlik op 26k.	5	35.7	18	31
Uitsluitlik negatiewe antwoorde	3	21.4	20	34.5
<u>TOTAAL</u> :	14	100.0	58	100.0

Hier word duidelik onderskeid gemaak tussen die positiewe antwoorde op vrae 26h. en j. enersyds en dié op 26k. andersyds, omdat waar die eersgenoemde praktyk is, dit immers dui op gereelde en doelbewuste leiding en/of onderrig en gepaardgaande beïnvloeding, terwyl n bevestigende antwoord op vraag 26k. slegs kan dui op ongereelde gebruik en toevallige onderrig en beïnvloeding. Waar lg. dan praktyk is neem die Bybelverhaal in daardie betrokke kleuterskole geen afsonderlike plek van en geen groter plek in as dié gewone storie nie.

vi)/.....

vi) Uit die voorgaande gegewens is dit
voldoende om af te lei en te beweer:

(I) Dat in die 72 kleuterskole onder behandeling die tendens om geen godsdiensoefening, -leiding en/of onderrig te gee nie, nagenoeg net so sterk is as die neiging om die leiding of onderrig toevallig te laat geskied en nagenoeg net so sterk as om voorsiening te maak vir gereelde vorme van beoefening en/of leiding. Hierdie kleuterskole moet dan as oorwegend sonder doelgerigte godsdienste skole getipeer word, ten minste 23 (31.9%) van hulle is godsdienstlose skole. Hierdie neiginge is as kenmerke van die Suid-Afrikaanse kleuterskool te aanvaar as die uitlating oor die etiese-godsdienstige sy van die kleuterskool in 'n pamflet van die Kleuterskoolvereniging van S.A. in ag geneem word wat soos volg lui:

„Die kleuterskool kan alleenlik sekere basiese gewoontes hier help aankweek soos seën vra voor ete, ens. Die godsdienst-leiding en onderrig is egter 'n taak wat vir hierdie ouderdom by uitstek by die ouerhuis tuishoort om te verseker:

- (1) Dat die ouerlike terrein nie opingedruis word nie.
- (2) Om enige verwarring in die kindergemoed te voorkom.”(20)

Die hele benadering en neiginge wat uit al die voorgaande gegewens en stellinge openbaar word, moet gesien word teen die agtergrond van:

- (1) Lewensbeskouing van die opvoeders en teoretici;
- (2) die patroon wat die inskrywings van kleuterskole in Suid-Afrika openbaar, wat ook maar 'n praktiese uitdrukking van (1) is.

II/.....

(II) n Groter persentasie Joodsgeoriënteerde kleuterskole voorsien gereelde godsdiensoefening en/of onderrig as die nie-Joodsegeoriënteerde kleuterskole. (Vgl. ook hfst. II 4(e)(ii) hierbo.)

(III) Die losmaking van die skool en godsdien, van leer en lewe, is kenmerkend van die liberaal-humanistiese gedagtestrominge.⁽²¹⁾ Daardeur is ook die godsdien wat nog in die kleuterskool mag bestaan, n tipies liberale godsdien, n godsdien bo geloofsverdeeldheid.

5. DIE METODE:

a) Die metode is noodwendig ook deur eenheid in lewensbeskouing nou verbind met die uitgangspunt, doel en leerstof in die opvoeding,⁽²²⁾ ook in die kleuterskool, sodat wat die Suid-Afrikaanse kleuterskool betref ewe-eens verwag kan word dat ook die metodes daarvan in die lig van die „nuwe opvoeding” sal staan. Op grond van hierdie prinsipiële „inlegging” van die metode in die opvoeding, is dan ook geen afsonderlike vraag hieroor in die vraelys ingesluit nie, maar is die gegewens verkry uit breedvoerige aktiwiteitsroosters en/of „leergange” (beskrywing van kleuterskoolaktiwiteite), onderhoude en waarneming en is dit vergelyk met wat daar in teorie beskryf is, hier te lande en oorsee.

b) Die metode in die kleuterskool:

In hooftrekke kan drieërlei metodes onderskei word:

i)/.....

21. Vgl. bv. Hanekom, dr. T.N. : „Die Liberalisme en sy invloed in Suid-Afrika”, artikel in „Koers”, dl. XVI, nr. 1, Aug. 1948 en dl. XVI, nr. 3, Okt. 1948.

22. Coetzee, prof. dr. J. Chris : „Algemene Inleiding tot die Teoretiese Opvoedkunde”, pag. 29.

i) Die grondmetode in alle ontwikkelingsaktiwiteite en selfs ook sommige gewoontevormende aktiwiteite in die kleuterskool, is die moderne opvoedingsmetode van „ontwikkeling deur doen” of „leer deur doen”. Die kleuter moet individueel en in die groep die geleentheid ontvang om na vrye keuse en belangstelling aktief toevallige en beplande situasies selfstandig aan te durf. Die „doen” van die kleuter word beheers deur één oorwegende uitingsvorm, nl. spel, wat deur n voorstander van die kleuterskool beskryf is as „the emotional language of childhood”.⁽²³⁾ Daarom lê goedgebalanseerde en goedgeorganiseerde spel die hele aktiwiteitsprogram van die kleuterskool ten grondslag. Die vrye behoefte van die kleuter sal bepaal „wat” hy gaan speel en sy vermoë „hoe” hy dit gaan doen. Oorwegende gedagte bly dat die kleuter self die inhoud, toon en tempo vir die opvoeder moet aandui. Lg. bly oorwegend op die agtergrond die belangstellende, fyn waarnemende, beskermende en slegs wanneer dringend nodig ingrypende toekyker. Wanneer die onderwyseres moet ingryp, kom sy na vore as die prikkelende leidster, liefdevolle vertrooster, dikwels meedoende speelmaat om n probleem op te los en gewillige vraagbaak van kleuters in n lewensfase van waaromvrae. Groot taak van die opvoeder is om die opvallende en tydige beplanner van situasies en moontlike situasies te wees. Die kind moet self bewus en aktief op die voorgrond die soeker, waarnemer en ontdekker word. Die vrae en/of uitvindinge van die kind moet tot nuwe situasies, probleme, ervarings en moontlike uitvindinge lei.

Die/.....

Die goedgefundeerde spelprogram vereis egter volgens die voorstanders daarvan dat aan die volgende beginsels voldoen sal word:

- (I) Dat die tipe spel binne die belangstellings-sfeer en fisiese vermoë van die bepaalde kleuter sal val;
- (II) die spelprogram doelgerig sal wees, bv. om bepaalde fisiese, verstandelike, emosionele en/of sosiale ontwikkelinge te bevorder;
- (III) die beplanning en toepassing deur 'n behoorlik daartoe opgeleide kleuterskoolonderwyseres met ervaring sal geskied;
- (IV) die benadering konsekwent informeel sal wees;
- (V) die beginsel van vrye keuse van die kind ten slotte gehandhaaf sal word;
- (VI) plaaslike en weersomstandighede in aanmerking geneem sal word.

Ook die Suid-Afrikaanse kleuterskool pas oorwegend hierdie metode van „ontwikkeling deur doen” toe, soos blyk uit die programme van 41 kleuterskole en die besondere waarde wat die kleuterskoolvereniging aan spel as uitings- en ontwikkelingsmiddel heg. Na aanleiding van die eise wat aan 'n gebalanseerde spelprogram gestel word, moet op noodwendige tekortkominge gewys word, wat daartoe aanleiding moet gee dat hierdie metodiek nie met volle trefkrag toegepas kan word nie:

- (1) Groot tekort aan opgeleide onderwyseresse en die gebruik, dikwels uit nood, van persone wat niks van kleuteropvoeding weet nie;

(2)/.....

- (2) tekort aan fondse a.g. waarvan nie altyd die regte en voldoende apparaat waarmee geleenthede voorsien en situasies geskep word, aangeskaf kan word nie.

Daar word beweer dat hierdie tekortkominge veral in die geval van die sgn. „mushroom schools” waar is en hierdie skole, waaroor voor as nog nie behoorlike kontrole bestaan nie, derhalwe uitgeskakel word as doeltreffende kleuterskole.

Uit die beskikbare programme van privaat neregistreerde kleuterskole („om-eie-gewin”-skole) blyk dit egter dat dieselfde soort metodes as bv. in erkende kleuterskole gebruik word, tot watter mate van doeltreffendheid in vergelyking met lg. skole, is nie hier te bepaal nie.

- ii) n Tweede metode wat in meerderheid van die 41 voorgenomde gevalle elke dag, en in al die gevalle wel, toegepas word, is die verhaal- of vertelmetode. Dit kom ook in die voorgestelde programme van die kleuterskoolvereniginge voor.

- iii) n Derde belangrike metode waarvan gebruik gemaak word is die van aanskoulikheid. Kleur speel hierin n belangriker rol as vorm.

c) Dissipline in die kleuterskool:

Die kleuterskool in die algemeen wil die kleuter dissiplineer deur

- i) groepspeel, waarin hy moet leer om sy eie gedrag te reël na die eise van sy groep;
- ii) die aanleer van bepaalde roetinehandelinge en vaste reëlmaat in die aktiwiteitsprogram en die hantering van apparaat, d.w.s. deur deeglike organisasie van die aktiwiteitsprogram.

iii/.....

(iii) die kalme, vriendelike maar konsekwent positiewe benadering en hantering van situasies en bevelde deur onderwyseresse.

(iv) die verbeuring van voorregte wanneer 'n kleuter hom misgaan. (24)

6. ORGANISASIE VAN DIE KLEUTERSKOOLO VIR BLANKES IN SUID-AFRIKA:

a) INLEIDING:

Daar is nog die uiters belangrike vraag na die organisasie van die kleuterskool in Suid-Afrika, waardeur hierdie tipe inrigting in sy konkrete gedaante in die gemeenskap verskyn, funksioneer en geken word. Vir die nadere ondersoek hiervan moet die lig agtereenvolgens val op:

- i) Die uitwendige organisasie, wat in hooftrakke behels die daarstelling, beheer en instandhouding van die kleuterskool hier te lande;
- ii) die inwendige organisasie, waaronder veral verstaan word die georganiseerde funksionering van die kleuterskool se aktiwiteitsprogram in sy volle draagwydte;
- iii) die vasstelling van die tipe stelsel wat die kleuterskool in sy funksionering openbaar.

b) DIE UITWENDIGE ORGANISASIE:

i) DIE DAARSTELLING OF STIGTING:

(I) Wie is verantwoordelik vir die stigting van 'n kleuterskool in 'n bepaalde gemeenskap? Twee-en-sewentig kleuterskole, versprei oor die 4 provinsies en waarvan antwoorde op ^{vraag} 2 van die vraelys ontvang is, is soos volg gestig: Tabel XVI: Stigtersliggame van 72 kleuterskole.

Deur Afrikaanse/.....

(24) Vgl. ook Amstrong, Elizabeth: "Wat is 'n Kleuterskool?", artikel in "Lantern", jaargang 7, nr. 1, Okt. 1957, pag. 77 verder.

Deur Afrikaanse kerke	:	2
Deur Joodse kerke	:	12
Deur kerklike sustersorganisasies	:	1
Deur ouers in gemeenskap	:	13
Deur privaat persone	:	15
Deur Munisipaliteite	:	1
Deur Liefdadigheidsorganisasies, soos die S.A.V.F., A.C.V.V. en O.V.V.	:	10
Plaaslike Kleuterskoolvereniginge geaffilieer by die K.S.V. van S.A.	:	4
Deur die Hebrew Nursery School Ass.	:	3
Deur die Departement O.K.W.	:	2
Deur ander vereniginge, sake ens.	:	9
TOTAAL ..		<u>72</u>

Hieruit vloei voort:

- (1) Die verskeidenheid liggame wat hierdie terrein betree, stem ooreen met wat daar in hoofstuk II, 4 (e), pag. 73 verder beskryf is.
- (2) Die getal skole wat deur ouers in komitee gestig is, vorm slegs 18% van hierdie getal skole, so-
dat dit wil voorkom of die behoefte by ouers nie baie sterk is om in komitee self die inisiatief tot stigting te neem nie. Die oorsaak kan wees dat ouers nie dermate ingelig is nie en steeds opsien na die georganiseerde leiding in dié ver-
band.
- (3) Dit wil voorkom of ten minste 23 (31.9%) van hierdie skole om sosio-ekonomiese oorweginge in die lewe geroep is, as aanvaar word dat dit die eerste oorweging is by alle liggame wat nie in die eerste plek n onderwysfunksie vervul nie en dat die Joodse kerk soos die Joodse Kleuterskool-
vereniging om sy eie bepaalde oogmerke Joodse Kleuterskole stig. Daarnaas lyk dit of 21 sko-
le om opvoedkundige redes in die eerste plek ge-
stig is.

Die res/.....

Die res (28) kan om die eerste of tweede redes wat hier genoem is gestig gewees het, of terwille van persoonlike gewin.

(II) DIE GEBOUE EN TERREIN:

By die stigting van n kleuterskool is daar voorts die vraag na die verkryging of daarstelling van geskikte en voldoende huisvesting, die aard, wyse en omvang daarvan.

- (1) Uit die antwoorde en opmerkings van 74, kleuterskole op en by vraag 32, waarby die antwoorde van 7 privaat, nie-geregistreerde skole ingesluit is, kan die aard van daargestelde huisvesting soos volg onderskei word:

Tabel XVll: Indeling van 74 kleuterskole met betrekking tot aard van geboue:

Getal gehuisves in n spesiaal beplande kleuterskoolgebou:	39
Getal gehuisves in n privaat woonhuis	8
Getal gehuisves in ombonde woonhuise, winkels of spoorweghuise:	11
Getal gehuisves in daarvoor ingerigte sale:	11
Getal gehuisves in tydelike hout- of asbesgeboue:	2
Getal gehuisves in privaat daarvoor opgerigte geboue maar nie beplande kleuterskool:	1
Getal gehuisves in buitegeboue	2

Hieruit blyk dit dat slegs twee meer as die helfte van hierdie getal skole in spesiaal beplande kleuterskoolgeboue gehuisves is. (25) Een daarvan berig dat die plan van die gebou deur Unesco goedgekeur is! Uit die kapitale uitgawes wat by vraag 44 verstrekk is of finansiële state wat deur skole ingesluit is, blyk dit dat beplande skoolgeboue geweldige finansiële laste vir komitees meebring, wat wissel tussen R10,000 - R18,000, na gelang die

(25) Vgl. vir die standaarde daarvan die K.S.V. van S.A. se „Kleuterskool-Handboek" (1960), Hfst. II.

grootte van die skool. Hierdie skoolgeboue kan as model kleuterskoolgeboue beskryf word. Die gebrek aan voldoende fondse tesame met hoë lopende uitgawes, moet as belangrike redes aanvaar word waarom verskeie komitees na jare nog nie spesiaal beplande geboue kon daarstel nie.

Nie een van die privaat, nie-geregistreerde kleuterskole beskik oor n ^{beplande} ~~beplande~~ kleuterskoolgeboue nie. Een berig egter dat n eie gebou ter waarde van R1,000 vir die doel opgerig is. Die ander is of in woonhuise, omboude woonhuise of buitegeboue gehuisves. Dit versterk die gedagte dat hierdie skole hoofsaaklik om finansiële gewin in stand gehou word.

- (2) Hoe is die terrein en geboue daargestel of verkry? (Vgl. Vrae 33 en 34 van die Vraelys.)
- Van dieselfde 74 kleuterskole berig 12 dat die terrein of grond aan hulle geskenk is (in 7 gevalle deur Munisipaliteite en in 1 geval deur n ~~mynowerheid~~), 23 dat die terrein aangekoop is, 37 dat privaat eiendom gebruik word deur dit te huur (11) of vry te gebruik, terwyl in 2 gevalle die terrein staatseiendom is. In geen geval het die Provinsiale Administrasies n bydrae tot verkryging van die terrein gemaak nie.

Die 74 geboue is na aanleiding van die antwoorde soos volg verkry: Geskenk; 10; aangekoop: 7; privaat eiendom: 31 (goedgunstiglik verkry of gehuur.); met eie fondse opgerig: 24; deur staat opgerig: 2.

In die/.....

- In die antwoorde is skoolgeboue of ander geboue ^{wat} deur kerke of kerklike organisasies of ander liggame uit eie fondse daargestel is en dan tot beskikking en vrye gebruik van bestuur van kleuterskole gestel is, as privaat eiendomme gereken. Elf van hierdie geboue word gehuur. Onder „skole met eie fondse opgerig" word bedoel skole wat opgerig is uit fondse wat die skoolbestuur self ingesamel het of geleen het en terugbetaal het of terugbetaal. Dit blyk ook uit die antwoorde op die laaste deel van vraag 34. Die fondse is of word op een of meer van die volgende wyses verkry: donasies of kollekte, vaste bydraes tot die boufonds deur ouers, funksies van allerlei aard. Sewe skole berig dat boulenings van n bougenootskap verkry is, in welke gevalle ouer- of komiteewaarborge verstrek is of word.
- (3) Met betrekking tot die huisvesting is nog belangrik die omvang daarvan. In die standaard van die Kleuterskoolvereniging van S.A., wat algemeen deur die provinsies aanvaar word, is die minimum omvangvereistes soos volg neergelê:

Minimum ruimte binnenshuis : 30 vk. vt. per kleuter.

Minimum ruimte buitenshuis : 60 vk. vt. per kleuter. (26)

Slegs 55 en 52 kleuterskole het respektiewelik besonderhede op die eerste en tweede dele van vraag 35 verstrek. Gemeet aan die standaard hierbo is die volgende gevind:-

Binneruimte/.....

(26) K.S.V. van S.A.; Spesifieke Standaard vir Kleuterskole; stukke van die K.S.V. van S.A.

<u>Binneruimte:</u>	<u>Gesubsideerde Skole:</u>	<u>Geregistreerde en nie geregistreerde privaat kleuterskole</u>
Onder 30 vk. vt. per kleuter :	8	8
30 vk. vt. en meer per kleuter :	38	1
<u>Buiteruimte:</u>		
Onder 60 vk. vt. per kleuter :	7	5
60 vk. vt. en meer per kleuter :	36	4

Hieruit blyk dit dat die privaat kleuterskole wat hoofsaaklik van voorsiening deur 'n enkele persoon afhanklik is, nie so goed daaraan toe is wat ruimte betref nie. Uit die skole se eie antwoorde is dit af te lei dat daar ook gesubsideerde skole is wat t.o.v. ruimte nie aan die minimumvereiste voldoen nie en tog geldelike steun van Provinsiale owerhede ontvang. Dit wil voorkom of dit veral waar is in geval van skole wat in behoeftige gemeenskappe bestaan, maar ook in digbewoonde stede waar ruimte nie meer so maklik bekombaar is nie.

- (III) Een-en-sestig provinsiaal gesubsideerde kleuterskole, 2 kleuterskole verbonde aan Hoërhuishoudskole, 7 privaat geregistreerde en 4 privaat nie-geregistreerde kleuterskole het na aanleiding van vraag 36 van die vraelys berig dat kindergartenmeubels gebruik word. 13 skole het die woord „kindergarten” met „kleuterskool” vervang en bedoel daarmee bepaald dié tipe meubels beskryf in hoofstuk IV van die „Kleuterskoolhandboek” van die K.S.V. van S.A.

(ii) DIE BEHEER VAN KLEUTERSKOLE:

(I) Vervolgens is daar die belangrike vraag na die beheer van die kleuterskool en hoe dit geskied. Die aandeel wat staatsowerhede op grond van geldelike steun of algehele onderhouding (die Dept.O.K.W.) in die beheer neem, is reeds in Hoofstuk II nagegaan. Daar is vasgestel:

- (1) dat hierdie skole, met uitsondering van sommige wat onder die Dept. O.K.W. ressorteer, nie as uitsluitlik staatsbeheerde skole gereken kan word nie;
- (2) die aard en omvang van provinsiale beheer by die provinsies in sommige opsigte verskil;
- (3) staatsbeheer oor privaat, nie geregistreerde kleuterskole geheel-en-al ontbreek.

(II) Op vraag 4 van die vraelys is 86 antwoorde ontvang, waarvan 8 van privaat nie-geregistreerde kleuterskole, 6 van privaat geregistreerde skole en 2 van Hoërhuishoudskool-kleuterskole afkomstig was. Sewe van die privaat nie-geregistreerde skole beskik nie oor bestuur nie en word dus uitsluitlik beheer deur die eienares wat in die reël ook die stigster en onderwyseres is.

Een privaat nie-geregistreerde skool beskik wel oor 'n bestuur en beywer sig vir verkryging van subsidie. Een van die privaat geregistreerde kleuterskole beskik nie oor 'n bestuur nie, terwyl die Huishoudskoolkleuterskole ook nie Onder beheer/.....

beheer van n aparte bestuur staan nie.

Die orige 70 gesubsideerde skole beskik wel oor besture; n reëling wat dan ook ooreenstem met die regulasies van die provinsies. In hierdie gevalle wissel die grootte van die besture soos volg:

<u>Transvaal:</u>	<u>Kaapprovinsie:</u>	<u>O.V.S.</u>	<u>NATAL:</u>
3 tot ³⁰ _{de} le-	3 tot 18 lede	7 tot 17 le- de	5 tot 15 lede.

Meerderheid van die skole beskik oor besture van 5 of meer lede. Dit is opvallend dat 5 uit 9 skole in die O.V.S. wat die vraag beantwoord het, meer lede op die bestuur aandui as wat per regulasie in die provinsie neergelê is. (27)

Dit is veral ook uit die wyse van samestelling van kleuterskoolbesture en die vraag na wie daarin dien dat besondere kenmerke van die kleuterskool in S.A. af te lei is. Die Vrystaatse Administrasie het die wyse van samestelling per regulasie neergelê. Hoewel daardie regulasie bepaal dat 5 uit 7 lede deur die beherende liggaam van die skool benoem moet word (28) dui slegs 1 uit 9 skole aan dat dit op dié wyse geskied.

Die gegewens van 62 kleuterskole (9 van die Vrystaat ingesluit) t.o.v. die wyse waarop besture saamgestel word (Vraag 6 in die vraelys) is in die volgende tabel saamgevat. Die horisontale kolomme dui die belangrikste wyses van samestelling aan en die getal besture so saamgestel, terwyl die vertikale kolomme die getal besture aandui waarin bepaalde liggame ook verteenwoordig is of reg op mede-samestelling voorbehou:

TABEL XVIII/.....

(27) O.D. OVS. : DEEL XXV van die Onderwysregulasies, par. 9.

(28) O.D. O.V.S. : op cit. par. 2

TABEL XVIII: WYSE VAN SAMESTELLING VAN KLEUTERSKOOL-
BESTURE.

WYSE VAN SAMESTELLING	Getal besture	(i) Getal waarin sommige lede deur ouers ge- kies is.	(ii) Getal waarin sommige lede op 'n open- bare ver- gadering gekies is	(iii) Getal waarin sommige lede deur die be- herende liggaam gekies is.	(iv) Getal waarin Dept. van Onderwys verteen- woordig is.	(v) Getal waarin Munisipa- liteit verteen- woordig is.
1 a. Bestuur uitsluitlik deur ouers gekies	24	-	-	-	-	-
b. Bestuur oorwegend deur ouers gekies	11	-	2	7	6	2
2 a. Bestuur uitsluitlik op openbare verg. gekies	5	-	-	-	-	-
b. Bestuur oorwegend op open- bare vergadering gekies	8	4	-	3	2	3
3 a. Bestuur uitsluitlik deur beherende ligg. gekies	10	-	-	-	-	-
b. Bestuur oorwegend deur be- herende ligg. gekies	4	3	-	-	1	-
TOTAAL :	62	7	2	10	9	5

(Een kleuterskool, behalwe dié in die tabel genoem, berig dat die bestuur op uitnodigingsaamgestel word.)

Uit die tabel is dit af te lei dat, hoewel dit by hierdie 62 skole nie 'n algemene neiging is om aan ouers uitsluitlik selfgekoose verteenwoordiging te gee nie, ouers tog in die geval van 42 skole in meerdere of mindere mate as ouereenhede^{deelneem} aan die samestelling van besture. In 9 gevalle (Vgl. horisontaal 2 a. (5 besture en 2 b. (4 besture) bestaan die moontlikheid dat kleuterouers ook mag deelneem aan die samestelling maar as individue of lede van die publiek. In 11 besture (Vgl. horisontaal 3 a. (10 besture) en 3 b. (1 bestuur) het die ouers assodanig geen seggenskap op samestelling van die bestuur nie. Die redelike sterk neiging van beherende of beskermende liggame wat besture saamstel of verteenwoordiging daarop eis, moet gesien word teen die hele agtergrond van die kleuterskool as een van die funksies van 'n grotere, dikwels nie-opvoedkundige organisasie of vereniging.

Voorbeelde van sodanige beherende liggame is in b i (I) hierbo genoem. Dié liggame beskik dikwels oor konstitusies waarin nie alleen die oogmerke uiteengesit is nie, maar ook die wyse van samestelling, pligte en magte van besture. Die Kaaplandse Onderwysdepartement vereis tans 'n afskrif van die konstitusie van 'n beherende liggaam wanneer aansoek om subsidie vir 'n kleuterskool gedoen word.

(29)

Die uitkoms/.....

(29) Vgl. K.O.D.: afskrifte van konstitusies en korrespondensie in L. 15/64/42.

Die uitkoms op vraag 6 moet ook saam met vraag 9 gesien word. Van die 62 skole wat antwoorde op vraag 9 verstrek het, is daar slegs 10 wat geen ouers in hulle besture het nie. Daarteenoor bestaan 19 skole se besture uitsluitlik uit kleuterouers, terwyl in 17 besture die kleuterouers meer as 50% van die bestuurslede uitmaak en in nog 16 besture die ouerverteenwoordiging wissel tussen 10% en 50%.

Oor die algemeen geneem wil dit dus voorkom of daar n oorwegende neiging by hierdie skole bestaan om die ouer direkte aandeel in die samestelling van en verteenwoordiging op besture te gee.

- (III) Die algemeenste gebruik is dat besture jaarliks saamgestel word, soos blyk uit die volgende, wat n samevatting is van 68 kleuterskole se antwoorde op vraag 7:

<u>Dienstermyn van besture:</u>	<u>Aantal skole:</u>
1 jaar	62
2 jaar	4
Lewenslank	2

- (IV) Word die antwoorde van 74 kleuterskole op vraag 8 ontleed word gevind dat 56 daarvan ses of meer kere per jaar vergader. Die algemeenste gebruik onder hierdie besture (44 uit 74) is maandelikse vergaderings, d.w.s. 12 vergaderings per jaar. 16 Besture vergader slegs 3 of 4 keer per jaar terwyl 2 besture wanneer nodig bymekaar kom.

- (V) Uit die antwoorde op vraag 10 lyk dit of die Suid-Afrikaanse kleuterskool sy belangstellinge wyd gewek het en arbitrêr gereken in n aansienlike sosiale klimaat verkeer wat sy beheer betref.

Die volgende/.....

Die volgende is volgens meriete die 10 algemeenste beroepe wat op besture verteenwoordig is, ooreenkomstig die antwoorde van 43 skole: Sake-man, huisvrou, onderwyser, medikus, prokureur, ingenieur, professor, verpleegster, staatsampenaar, argitek (of predikant).

(VI) Die kleuterskool-bestuur verrig hoofsaaklik die volgende funksies:

- (1) Die daarstelling en/of toerusting en instandhouding van die kleuterskool.
- (2) Die uitoefening van die algemene toesig.
- (3) Die aanstelling en ontslag en besoldiging van personeel, met uitsondering van die ondersteunde kleuterskole in die Oranje-Vrystaat en dié onder beheer van die Dept. O.K.W.
- (4) Die reëling van bykomstige fondsinsameling.
- (5) Die algemene beheer oor finansies en die behoorlike boekhouding daarvan.

(iii) DIE INSTANDHOUDING VAN DIE KLEUTERSKOOL:

(I) Dit behels hoofsaaklik die geldelike sy.

Ooreenkomstig die hoofbronne waaruit die fondse vir instandhouding verkry word, moet tussen 5 groepe of tipes kleuterskole onderskei word: (LW. Die getalle van elke groep waarvan een of meer antwoorde op vrae 37 tot 44 ontvang is, word aangedui):

Provinsiaal gesubsideerde (op hoofdelike basis) : 61

Kleuterskole van die Oranje-Vrystaat : 9

Kleuterskole van die D.O.K.W. : 2

Kleuterskole geheel deur Munisipaliteite onderhou : 1

Privaat nie-gesubsideerde kleuterskole (d.w.s. geregistreerde en nie-geregistreerde privaat skole : 14

(II) OMDAT/.....

- (II) Omdat private inisiatief hoofsaaklik in die eerste, tweede en laaste gevalle verantwoordelik is vir die instandhouding, word slegs na daardie skole verwys.

Die kleuterskole van die eerste groep se fondse kom uit die volgende bronne:

- (1) Hoofdelike subsidies van provinsiale owerhede;
- (2) skoolgelde deur ouers betaal;
- (3) donasies, kollektes, verkopings, ens.
- (4) 32 van die 61 skole berig dat hulle jaarlikse skenkings van Munisipaliteite ontvang wat in hulle gevalle in 1961 tussen R10 en R316 gewissel het.

Die hoofdelike subsidies van 3 provinsies verskil, soos reeds in hoofstuk II gesien. So wissel ook die betaalbare skoolgelde in 46 van hierdie skole soos volg:

- In 1 skool tussen R8 tot R12 per kleuter per jaar.
- In 14 skole tussen R20 en R39 per kleuter per jaar.
- In 26 skole tussen R40 en R59 per kleuter per jaar.
- In 2 skole tussen R60 en R79 per kleuter per jaar.
- In 3 skole tussen R80 en R100 per kleuter per jaar.

Daar is vasgestel dat die grootte van skoolgelde oor die algemeen deur die volgende faktore bepaal word:

- (1) Meer as een inskrywing per huisgesin: Vermindering van skoolgeld word gewoonlik in geval van 'n tweede inskrywing en 'n verdere vermindering in geval van 'n derde of meer inskrywings uit dieselfde huis toegelaat.

- (2) Die buurt/...

- (2) Die buurt waar die kleuters woon, wat gewoonlik saamval met die inkomste van die ouer ; veral die liefdadigheidsorganisasies het skoolgeld ooreenkomstig bepaalde inkomstegroepe neergelê. Elf skole berig van 31 kleuters wat vry toegelaat word (1 Weeshuiskleuterskool met 35 kleuters buite rekening gelaat).
- (3) Die aard en omvang van die kleuterskoolgebou, terrein en inskrywing.
- (4) Die lengte van die kleuterskooldag.

Op vrae 42 en 44 is nie oor die algemeen behoorlik bruikbare gegewens verstrek nie. Dit wil egter voorkom of kleuterskole n worstelende bestaan te voer het, veral skole wat n voldagprogram aanbied. Uit vrees dat gemiddelde en mindergegoede huise van dié diens uitgesluit sal word deur verhoging van die skoolgelde, word die tekorte aangevul deur donasies, verkopings, ens. Die grootste gereelde uitgawes van die skole blyk die salarisse van personeel te wees, wat in nie een van hierdie gevalle onder behandeling eers vergelyk kan word met die van onderwyseresse in die provinsiale skole met dieselfde opleidingstydperke nie. Kleuterskoolvereniginge het by verskeie geleenthede met konkrete voorbeelde probeer bewys hoe ontoereikend die provinsiale steun is. (30)

(30) K.S.V. van S.A. : „Memorandum presented to the Financial Relations Commission", Nov. 1961; stukke van die K.S.V. van S.A.

Kaaplandse takke van die K.S.V. van S.A.: „Memorandum aan die Administrateur", 1960; afskrif in lêer van die K.V.K.

In die Oranje-Vrystaat is die salarisposisie vir kleuterskole met opgeleide personeel gunstiger. Kleuterskoolbesture is vir die volle lopende instandhouding van skole egter aangewese op die R6 per jaar per kleuter uit gegoede huise waarop besture kragtens regulasie geregtig is. Dit word sterk betwyfel of kleuterskole selfs onder dié omstandighede 'n behoorlike diens ooreenkomstig die doeleindes van die skool kan lewer, tensy fondse op ander wyses aangevul word en die ouers self sekere take verrig of skenkings maak.

Die privaat, nie-geregistreerde en geregistreerde kleuterskole is hoofsaaklik op skoolgelde en skenkings aangewese. Hoewel by gebrek aan voldoende gegewens hier t.o.v. dié skole hoegenaamd nie veralgemeen wil word nie, moet tog op die volgende gewys word: In 12 van dié tipe skole wat vraag 40 beantwoord het, wissel in 5 skole die jaarlikse skoolgeld van R18 tot R54 per kleuter en in 7 ander van R24 tot R58.80 per kleuter. Afslag word in die reël ook in dié skole vir verdere inskrywings uit dieselfde huis toegelaat. Hierdie skole se skoolgelde vergelyk dus goed met die bedrae wat in gebruik is by die grootste getal gesubsideerde skole hierbo. Om dan winsgewende bedrywe te wees in die geval van privaat, nie-geregistreerde kleuterskole, moet hulle, in vergelyking met gesubsideerde skole, bepaalde dienste en geriewe uitskakel, soos bv. 'n bykomende skoonmaker behalwe die huisbediende, voeding van kleuters, bykomende of goedgekwalifiseerde onderwyspersoneel, groot of duur speelgoed en apparaat.

Die/.....

Die programme van sommige van hierdie skole vergelyk egter goed met dié van baie gesubsidieerde skole en hoewel, met uitsondering van een geval, geen kapitale uitgawes t.o.v. geboue en terrein aangegaan is vir die doel van die skool nie, toon 4 van dié skole se aangegeve uitgawes (Vraag 44) dan ook 'n oorskreiding van die maandelike inkomstes vir die jaar 1961!

c) DIE INWENDIGE ORGANISASIE:

i) PERSENEEL:

(I) In hoofstuk II, 6 e (ii) III en 6 f (v) IV is reeds op die personeelposisies in ondersteunde kleuterskole van drie provinsies gewys. Tabel XIX (i) en (ii) hieronder toon die gegewens van 75 ondersteunde kleuterskole (Provinsiaal: 72; D.O.K.W.: 2; munisipaal: 1) en 14 privaat geregistreeerde en nie-geregistreeerde kleuterskole verkry op vraag 17 van die vraelys:

TABEL XIX (i) Personeelposisie in 75 ondersteunde skole:

Getal antwoorde:	75
Totale inskrywing	4,036
Getal onderwyseresse	242
Gem. getal kleuters per onderwyseres	16.7

TABEL XIX (ii) Personeelposisie in 14 privaat kleuterskole:

Getal antwoorde:	14
Totale inskrywing	362
Getal onderwyseresse	20
Gem. getal kleuters per onderwyseres	18.1

Opmerking:

Uit hierdie tabelle blyk dit dat die gemiddelde getal kleuters per onderwyseres in beide gevalle effens hoër is as die standaard wat die kleuterskoolvereniging van S.A. in sy handboek stel, maar dat dit baie gunstig vergelyk met toestande in bv. Engeland en Wallis. (31)

- (II) Hoe is die bovermelde 262 kleuterskoolonderwysseresse egter gekwalifiseer? Die volgende tabel toon die uitkoms van bovermelde 89 kleuterskole se antwoorde op vraag 18 a. tot g (L.W. Bykomstige inligting deur skole verstrekk is bygewerk. Alle onderwysseresse wat een of ander vorm van kleuterskoolonderwysdiploma behaal het, is vir die doel van hierdie tabel weer as opgelei beskou.

TABEL XX: Kwalifikasies van onderwysseresse in 89 kleuterskole.

	GETALLE PERSONEELLEDE			
	In ondersteunde skole		In privaat skole	
	opgelei	Onopgelei	Opgelei	Onopgelei.
a. Kleuterskoolonderwysdiploma	99		7	
b. Gewone Onderwysdiploma		29		5
c. Graad en K.O. Diploma	4			
d. Graad en Gewone O. diploma		3		
e. Beide a. en b. saam				
f. Beide a. en d. saam				
g. Geeneen van hierdie kwalifikasies nie		105		7
Slegs n graad.	2			1
TOTAAL:	103	139	7	13

(31) Vgl. International Bureau of Education : "Organization of Pre-Primary Education", pag. 263

Opmerkings:

- (1) Die gemiddelde getal kleuters per opgeleide kleuterskoolonderwyseres in 75 ondersteunde kleuterskole is dus 39.1, teenoor die 39.2 verkry volgens die gegewens in tabel IX, opm. 3, pag. 128.
 - (2) Die gemiddelde getal kleuters per opgeleide kleuterskoolonderwyseres in 14 privaat kleuterskole kom op 51.7 te staan. Daar slegs een van die onderwyseresse in die privaat nie-geregistreeerde kleuterskole opgelei is, bring dit die gemiddeld vir 6 privaat geregistreeerde kleuterskole met 'n totaal van 185 kleuters op 30.8 te staan, wat 'n gunstiger gemiddeld is as die vir ondersteunde skole. Die getal skole is egter nie vergelykbaar nie.
 - (3) Die getal opgeleide onderwyseresse vorm 42% van die totale getal in al hierdie skole saam en dit is baie na aan die 40.5% verkry uit tabel IX (opm. 4). Dit vergelyk ook goed met die resultaat van 43% opgeleides wat die K.S.V. van S.A. in 1961 na aanleiding van 108 kleuterskole se antwoorde op 'n vraelys verkry het.⁽³²⁾
- (III) Die salarisse en/of skale verstrek volgens vraag 19 dui slegs op groot variasie ooreenkomstig die streek waarin die skool geleë is, die grootte van die skool, die behoefte van die

skool/.....

(32) K.S.V. van S.A. : "Memorandum presented to the Financial Relation Commission," Nov.1961 : Stukke van die K.S.V. van S.A.

skool in die algemeen en die kwalifikasies van die onderwyseresse. Die skale van opgeleide personeel is, waar dié aangegee is, in die reël laer as dié van laerskoolonderwyseresse in Transvaal wat dieselfde opleidings tydperk deurloop het. Slegs in 6 gevalle ontvang die hoofde R100 of meer per maand.

ii) HULPDIENSTE:

Ooreenkomstig die oogmerke en inhoud van die kleuterskool t.o.v. fisiese versorging is dit nodig dat elke kleuterskool ook oor bepaalde deskundige hulpdienste sal beskik. Die antwoorde van 77 kleuterskole op vrae 20, 21 en 22 toon die volgende:

TABEL: XXL:

HULPDIENSTE BY 77 KLEUTERSKOLE

Hulpdiens.	Getal skole wat oor diens beskik.	Getal skole wat diens gratis ontvang.
1. Medikus	60	58
2. Verpleegster	19	15
3. Matrone	9	-
4. Helpsters	9	-
5. Sielkundige	18	-
6. Tandarts	35	32
7. Diëetkundige	6	-
8. Gesondheisinspekteur	22	22
Geen van hierdie dienste	5	-

Die vernaamste/.....

Die vernaamste hulpdienste waaroor hierdie kleuter-skole beskik en gratis ontvang is die van 'n medikus (77.9% van die skole) en 'n tandarts (45.5% van die skole). Ander hulpdienste is swak verteenwoordig ^{hoe-} ~~hoe-~~ wel in aanmerking geneem kan word dat dienste nr. 3, 4 en 7 beslis nie in alle kleuterskole nodig is nie, dienste nr. 5 dikwels moeilik bekombaar is en higiëne en verpleging voorkom in die leerplanne van kleuterskoolonderwyserskolleges. Selfs die noodsaaklike dienste van 'n medikus, tandarts en gesondheidsinspekteur moet as onbevredigend verteenwoordig beskou word. Vier uit die vyf skole wat oor geen van hierdie dienste beskik nie, is privaat, nie-geregistreerde kleuterskole. Ander hulpdienste wat deur ^{enkele} ~~enkele~~ ondersteunde ~~enkele~~ skole gratis ontvang word is die van 'n ouditeur en 'n honorêre sekretaris, terwyl verskeie skole oor 'n besoldigde skoonmaker beskik. Geeneen van die skole noem die diens van 'n sosiale werkster nie.

Die getal besoeke wat die geneesheer aan skole bring wissel ooreenkomstig 55 van die 60 skole se antwoorde op vraag 29 (a) van 1 besoek per week in die geval van 3 skole tot 1 besoek per jaar in die geval van ses skole; die grootste aantal skole (11) word eenkeer per maand besoek en 2 keer per jaar (14). In geval van die tandarts se besoeke is die algemeenste gebruik by 32 skole 2 tot 4 besoeke per jaar. Besoeke van die verpleegster wissel in die geval van 15 skole van daaglikse besoeke (4 skole) tot 2 besoeke per jaar. (1 skool.) Die besoeke van gesondheidsbeamptes wissel in 16 antwoorde van 'n enkele besoek wanneer die skool jaarliks open tot gereelde besoeke van elke ses maande. Opvallend is dit ook dat van 32 skole wat berig dat jaarlikse toelaes van Munisipaliteite ontvang word, slegs 7 melding daarvan maak dat gesondheidsbeamptes die skole periodiek besoek.

iii) INSKRYWINGS:(I) AKKOMMODASIE:

Volgens die gegewens van 75 skole verstrekk op vrae 11 en 12 van die vraelys, was daar teen die einde van 1961:

8 kleuterskole wat reeds hulle hoogste moontlike inskrywing oorskrei het.

28 kleuterskole wat „vol” was en nie meer akkommodasie beskikbaar gehad het nie. (33)

8 kleuterskole wat op 1 tot 3 inskrywings na ook „vol” was.

Die gegewens op vraag 11 toon verder dat:

(1) die gesubsidieerde skole ^{se} maksimum akkommodasie wissel van 20 - 110. Daarvan was daar 48 kleuterskole wat 50 of meer kleuters kan huisves;

(2) dat die privaat kleuterskole se maksimum akkommodasie wissel van 15 - 50 en dat hulle gemiddelde grootte voorsiening maak vir 31 kleuters.

(II) OMVANG:

Ooreenkomstig Tabel XIX (i) en XIX (ii) hierbo was daar teen die einde van 1961 4,036 kleuters tussen die ouderdomme van 2 en 6 jaar in 75 ondersteunde kleuterskole en 362 kleuters tussen 2 en 6 jaar in 14 privaat kleuterskole, wat neerkom op 'n gemiddelde grootte van 53.8 kleuters per ondersteunde skool (wat goed vergelyk met die gemiddeld bereken volgens die gegewens van tabel VII, pag. ¹²⁷ hierbo) en 25.9 per privaat kleuterskool. Volgens hierdie syfers kan daar dan ruweg gereken word op na-
genoeg 40 kleuters per kleuterskool vir blankes.

(33) Vgl. ook die Verslag van die Dir. van Ondw. van Transvaal vir die jaar eindigende 31 Des. 1959.

(III) SEUNS EN DOGTERS:

Volgens 76 skole se antwoorde op vraag 12 was daar teen die einde van 1961 1,969 seuns teenoor 1,829 dogters in daardie skole, d.w.s. 150 meer seuns. Vergelyk ons die getal seuns met die getal meisies in die inskrywings van 102 gesubsideerde kleuterskole in Transvaal teen die einde van 1961 word ook gevind dat daar 241 meer seuns was. Seuns en dogters is dus gemiddeld nagenoeg gelyk verteenwoordig in die inskrywings van hierdie skole.

(IV) PERSENTASIE WERKENDE MOEDERS:

In watter mate maak werkende moeders van die kleuterskool gebruik? Op vraag 45 van die vraelys is 68 antwoorde ontvang. Die volgende is in dié opsig uit die antwoorde verkry van 57 ondersteunde skole:

Slegs een skool meld dat geen moeder van kleuters in die skool buitenshuis werk om die huislike inkomste aan te vul nie. In 12 van die orige skole werk minder as 40% van die moeders van kleuters. In 26 skole werk tussen 40% en 49% van die moeders van kleuters en 25 daarvan is in Transvaal, wat moontlik daarop dui dat hierdie skole in dié opsig slegs poog om aan die Transvaalse regulasies vir subsidiedoeleindes te voldoen. In die orige 19 skole is die persentasies werkende moeders versprei van 50 tot 100 persent. In slegs 5 van lg. gevalle (waarvan 3 in Transvaalse stede) werk 100% van die moeders. Hierdie skole is dan ook voldag- en voljaarskole.

In/.....

In slegs 2 uit 11 privaat skole werk meer as 50% moeders van kleuters.

Hoewel werkende moeders dus van kleuterskole gebruik maak is dit oor die algemeen gereken nie n oorwegende tendens in die skole onder behandeling nie. In sy jaarverslag van 1956 maak die Direkteur van Onderwys van Transvaal die stelling dat die kleuters van werkende moeders in al kleiner getalle kleuterskole besoek. Daarteenoor moet egter die toename in die getal versorgingsoorde van die Departement van Volkswelsyn gesien word. (Kyk hoofstuk II 5(a) pag.100)

(V) NASIONALITEITE IN DIE KLEUTERSKOOL:

- (1) In hierdie hoofstuk is onder die taal van die kleuterskool (kyk 4 b, pag.156 hierbo) reeds verwys na die taalpatroon van n groot aantal kleuterskole in Suid-Afrika. Dit moet selfs vir elke oppervlakkige waarnemer duidelik wees dat die inskrywingspatroon, wat in die geval van 63 kleuterskole in grafieke 1 tot 6 voorgestel is (kyk pag. 160), meer as net blote taalsituasies inhou.

Taal is vergestaltung van n volkse hele geestespatroon, draer van die volk se kultuur. Dr P. Meyer (34) haal die geleerde Weisgerber soos volg aan:

"Deur en in die taal is n bepaalde manier om die wêreld in sy verskynings te sien, neergelê en ons kan dus sê dat n taal in sy innerlike vorm n bepaalde wêreldopvatting berg."

Verder gaan dr. Meyer voort:

(34) Meyer, dr. P.J. "Moedertaal en Tweektaligheid", pag. 17 verder.

"Vir elke volk is in sy moedertaal sy eie wêreldopvatting neergelê, soos dit in sy lot as roeping, sy geografiese en historiese omstandighede, sy geestelike en uitelike voorwaardes vorm aangeneem het." (Pag. 18)

en verder:

"Volk en taal is geen parallelle verskynsels nie, maar 'n wisselwerkende verhouding." (p. 18)

en nog verder op pag. 20:

"Wat die moedertaal daarom veral bewerkstellig is die gelyksoortigheid van opvatting vir die lede van 'n taalgemeenskap."

In die lig hiervan is dit duidelik dat ten minste 63 kleuterskole (Kyk grafieke 1 tot 6) wat verskeie taalgemeenskappe huisves, in die verskillende skole in variërende verhouding tot mekaar, ook daarin verskillende gelyksoortighede, verskillende kulture, verskillende lewens en wêreldbeskouinge huisves.

- (2) Daar moet nou ook in breë trekke vasgestel word watter lewens- en wêreldbeskouinge veral hier in een en dieselfde skool ingedra word deur verskillende taalgemeenskappe en daarmee saam watter huisgesinne uit verskillende kultuurverbande in een opvoedingsgemeenskap betrek word. Volgens grafiek 1 het 23 uit 63 kleuterskole kinders uit Engelse, Joodse, Afrikaanse en „ander“ huise gehuisves. (L.W. onder „ander“ is ingesluit alle kinders van blanke nasionaliteite anders as die eersgenoemde drie, bv. kinders uit Hollandse, Duitse, ens. huise. Die ander grafieke weerspieël ook net die persentasie verteenwoordiging van twee of meer van hierdie nasionaliteite in verskillende skole.

Prof. H.J.J. Bingle beskryf die Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing soos volg:

"Die Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing is kragtens die diepgewortelde godsdienstigheid van ons volk gevestig in die Gereformeerde belydenis soos vandag nog in die belydenisskrifte van ons Afrikaanse kerke vervat.

"Die grondslag van hierdie belydenis is dat die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom gesagdraend is.

"In hierdie Boek lees ons (Rom. 11:36) "..... uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid in der ewigheid. Amen." Hierdie radikaal teosentriese waarheid lê aan die Afrikaans-Christelike kennis van God aan die Afrikaans-Christelike lewens- en wêreldbeskouing, aan die Afrikaans-Christelike lewenshouding en lewenstyl ten grondslag.

"Hierdie lewens- en wêreldbeskouing het die Afrikaner intuïtief beleef. Dit het as 'n geestelike erfenis tot hom gekom, is in die besondere landsomstandighede versterk en in die wese van die Afrikaner ingegroei." (35).

Die reeds aangehaalde dr. Meyer laat hom soos volg uit oor die Engelse „wêreldbeeld“:

"Die primêre, rigtende en vormende kragte in die Engelse volkslewe is, soos Wildhagen in sy studie oor die Engelse volkskarakter aantoon, die natuurgebonde kragte van die siel wat 'n mens tot 'n groot mate met die dier gemeen het, die drifte en strewingselemente dus wat die gees in hul bane voer en aan hulle doelstellings diensbaar maak." (36)

Hiervolgens is die Engelse lewensuitkyk in wese naturalisties. Hierdie lewensuitkyk moet in breë trekke ook die geestelike erfenis van die Engelse bevolkingsdeel hier te lande wees.

By die Afrikaner en Engelsman het daar deur die loop van eeue egter ook nog ander kenmerkende fasette van hulle wêreldbeelde uitgekristaliseer:

In die/.....

(35) Bingle, Prof. dr. H.J.J.: „B.N.O.“, 'n referaat gelewer voor die 65^{ste} Algemene jaarvergadering van die T.O., Pretoria, en opgeneem in die „Onderwysblad“, nr. 753, dl. L XIX, Julie 1962, pag. 73 verder.

(36) Meyer, dr. P.J.: „Moedertaal en Tweetaligheid“, pag. 53.

In die worsteling om selfbehoud en strewe na selfstandigheid van die Afrikaner het sy nasionalisme binne die raamwerk van sy Afrikaans-Christelike lewens- en wêreldbeskouing vorm aangeneem; in die ekspansie van sy materiële en geestelike grense het die imperialisme van die Engelsman gedy.

Daar word hier te lande egter ook 'n derde aparte en sterk geestesgemeenskap onderskei wat kragtens hulle godsdienstige belydenis beliggaam in die Judaïsme, hulle holistiese wêreldopvatting gegrond in die verskeidenheidspatroon van die Jood in verstrooiing en hulle nasionale strewe van heropbou van 'n eens verlore staat en land gevestig in die Sionisme, 'n gans andere gelyksoortigheid uitmaak as dié hierbo, al is hulle kleuterskooltaal Engels. (37)

Die vierde groep verteenwoordig 'n verskeidenheid kulture wat, hoewel om praktiese redes hier saam gegroepeer, steeds as 'n verskeidenheid in gedagte gehou moet word.

- (3) Indien nou aanvaar word dat die sterkste groep in die inskrywing van 'n skool teoreties die sterkste invloed op elk van die mindere groepe sal uitoefen, sonder om noodwendig oorheersend te wees en daarmee saam ook die basis wat in 4 b., pag. 161, hierbo neergelê is in breëtrekke aanvaar word, kan die inskrywings van 63 kleuterskole soos verstrek by vraag 13 van die vraelys en aan die hand van grafiek 1 tot 6, soos in tabel XXII hier onder saamgevat word.

TABEL XXII

/.....

(37) Vgl. verskeie uitsprake in die verslag van die S.A.B.J.E. asook: de Wet, prof. dr. C.J.H. en Kotze, ds. C.R.: "Die Jode as Probleem" in "Koers in die Krisis" dl. II, artikels versamel deur die F.C.S.

TABEL XXII: GROEPERING VAN 63 KLEUTERSKOLE OOREENKOMSTIG DIE OORWEGENDE NASIONALITEITSGROEPE.

GRAFIEK.	GETAL KLEUTERSKOLE	Getal skole waarin <u>ENGELSE GROEP</u>		Getal skole waarin <u>JOODSE GROEP</u>		Getal skole waarin <u>AFRIKAANSE GROEP</u>		Getal skole waarin <u>"ANDER GROEP"</u>	
		sterkste is.	oorheersend is.	sterkste is.	oorheersend is.	sterkste is.	oorheersend is.	sterkste is.	oorheersend is.
1	23	16	10	4	3	3	2	-	-
2	9	1	1	2	1	5	2	-	-
3	12	9	8	-	-	3	3	-	-
4	5	-	-	5	5	-	-	-	-
5	8	3	2	-	-	5	4	-	-
6	6	1	-	5	5	-	-	-	-
TOTAAL:	63	30	21	16	14	16	11	-	-

Uit die tabel is dan af te lei dat:

- (a) Die Engelse groep in 30 skole die sterkste element vorm en in 21 van die 30 die ander-groepe selfs oorheers.
- (b) Die Joodse groep in 16 skole die sterkste element vorm en in 14 daarvan die ander groe-pe selfs oorheers.
- (c) Die Afrikaanse groep in 16 skole die sterkste element vorm en in 11 daarvan die ander groe-pe selfs oorheers.
- (d) Die „ander“ groep in geen skool die sterkste of oorheersende groep vorm nie.
- (e) Die Engelse element oor die algemeen geneem in hierdie skole die sterkste is, veral ook as in aanmerking geneem word dat die grootste persentasie opgeleide kleuterskoolonderwyse-resse ook tot hierdie element behoort.

Hier moet ook nog die volgende i.v.m die „gemengde“ inskrywings van hierdie kleuterskole opgemerk word:

- (a) Die sterkste en oorheersende invloede word nie as die enigste invloede in daardie skole beskou nie.
- (b) Die streekverteenwoordiging van die sterkste elemente is oorwegend soos volg:

Engelse element: Johannesburg, Randse stede, Natal.

Joodse element: Johannesburg, Kaapstad, Port Elizabeth.

Arikaanse element: Pretoria, enkele Randse stede, Bloemfontein (3), plattelandse dorpe.

Ses ander/.....

Ses ander kleuterskole het ook vraag 13 volledig beantwoord, maar hulle huisves almal kleuters van één nasionaliteit:

Suiwer Afrikaans : 4 (waarvan 2 weeshuiskleuterskole).

Suiwer Joods : 2

- (4) Na alles wat hier gevind is, kom dit per slot van rekening neer op 'n sterk algemene neiging van die Suid-Afrikaanse kleuterskool vir blanke kinders om alle blanke nasionaliteite vryelik tot dieselfde kleuterskool toe te laat. Dit impliseer alleen nivellering, uitwissing van eiesoortigheid, denasionalisasie. Daarmee is hierdie kleuterskole andermaal tipiese, konkrete voorbeelde van die moderne opvoeding:

„Die lyn van die sosialiserende proses word verder deurgevoer en deurgetrek, sodat die nuwe skool ook die kweekplek word van internasionalisme. Die nuwe opvoeding is demokraties, deurdat sosiale groepe in mekaar se werk en belange deel het. Die nuwe opvoeding is internasionaal deurdat die onderling deelnemende groepe volkere omvat. Die „New Education Fellowship“ is 'n internasionale beweging en die nuwe opvoeding wil oor die enge nasionale grense heen om te kom en te bring tot ware internasionalisme“ (38)

Die vraag dring sterk na vore in hoeverre die gelykskakeling sal plaasvind in die rigting van die oorheersende groep.

(5) GROEPERING VAN KLEUTERS:

Behalwe wat reeds onder 4 (b) (Pag.158) hierbo oor hierdie aspek vermeld is, moet hier nog op die volgende gewys word.

a) Ouderdomsgroepering/.....

(38) Coetzee, prof. dr. J. Chris: „Die moderne Opvoeding“, pag. 25.

a) Ouderdomsgroepeerings geskied in meerderheid gevalle op 'n drie- of vierledige kronologiese ouderdomsbasis, bv.

- i) Groep 1 : 2 jr. tot 3 jr. ; groep 2 : 3 jr. tot 4 jr. ; groep 3 : 4 jr. tot 5 jr.
- ii) Groep 1 : 2 jr. tot $2\frac{1}{2}$ jr; groep 2 : $2\frac{1}{2}$ jr. tot $3\frac{1}{2}$ jr;
Groep 3 : $3\frac{1}{2}$ jr tot $4\frac{1}{2}$ jr. ; groep 4 : $4\frac{1}{2}$ jr. tot 6 jr.

Die oorwegende gebruik is dan om die groepe name te gee, gewoonlik 'n diere naam wat binne die belangstellingsfeer van die klein val. Die individuele lede van 'n groep se persoonlike besittings en die groeophoek ontvang dan die groepekentekens en name.

b) 8 Kleuterskole berig dat hulle kleuters op grond van vaardigheid groepeer. Kenmerke van die „vaardigheid“ waarvolgens arbitrêr geoordeel kan word is: vlugheid in die hantering van ontwikkelingsapparaat; vaardigheid in die gebruik van die taal; spierbeheer. Hierdie skole beskik egter nie oor die dienste van sielkundiges nie. Dit bring mee dat die onderwyseresse die kleuter moet ken en 'n noukeurige studie van sy ontwikkelingsverslae en tabelle moet maak.

c) In die geval van eenman-kleuterskole bestaan in die reël geen groepeerings nie. Dit is hoofsaaklik die geval met privaat, nie geregistreerde kleuterskole. Daar is wel van hierdie erkende kleuterskole wat kleiner groepe binne die groot groep, met ouderdom as basis, onder toesig van 'n onderwyseres laat vorm. Een van die skole berig dat op dié wyse voorkom aan familie-groepeerings gegee word.

6. DIE LENGTE VAN DIE KLEUTERSKOOLDAG EN - JAAR:

- a) Vier-en-tagtig antwoorde van verskillende soorte kleuterskole versprei oor die vier provinsies is op vraag 26 a en b ontvang.

Hierdie antwoorde saamgevat gee die volgende:

TABEL XXIII: Groepering van kleuterskole ooreenkomstig die lengte van die skooldag:

Lengte van skooldag	Getal skole
3 uur	13
$3\frac{1}{4}$ uur tot 4 uur	26
$4\frac{1}{4}$ uur tot 5 uur	22
$5\frac{1}{4}$ uur tot $6\frac{3}{4}$ uur	13
7 uur tot $8\frac{3}{4}$ uur	3
9 uur tot $11\frac{3}{4}$ uur	7
TOTAAL:	84

Die kortste kleuterskooldag onder hierdie skole is dus 3 uur en die langste $11\frac{3}{4}$ uur (1 skool). Sover bekend bestaan daar nie in Suid-Afrika 'n kleuterskool met 'n korter dagprogram as 3 uur nie. Indien alle kleuterskole wat 'n maksimum van 4 uur-dagprogram aanbied as halfdag-kleuterskole getipeer word, is daar 39 (46.4%) van die skole hierbo genoem halfdag-kleuterskole.⁽³⁹⁾ Indien 'n halfdag-skool nie later as twaalfuur sluit nie, dan is net 27 (32.1%) van hierdie skole ooreenkomstig die antwoorde op vraag 26 (b) so te tipeer. As nou in aanmerking geneem word dat 5 van die 13 drie-uurdagskole privaat nie-geregistreerde skole is, dan

(39) N.O.D. : Administrateurskennisgewing nr. 160, 31 Maart 1959.

is die tendens by erkende gesubsidieerde kleuterskole baie sterk om 'n program wat langer as drie uur duur aan te bied en is die tendens by hierdie skole om selfs 'n program wat langer as 4 uur duur aan te bied nog oorwegend (53.6%).

Daardie skole waarvan die dag $4\frac{1}{4}$ na $6\frac{3}{4}$ uur duur is in meerderheid gevalle skole wat kleuters laat huis toe gaan nadat 'n middagmaal en middagslapie geniet is. Hierdie reëling word deur die K.S.V. van S.A. beskou as 'n uitstaande kenmerk en funksie van die kleuterskool wat aan die gewoontevormende gesondheidsoogmerke van die kleuterskoolbeweging wil laat reg geskied. ⁽⁴⁰⁾ Hulle kan dus as half-voldagkleuterskole getipeer word.

Die skole wat langer as $6\frac{1}{2}$ na 7 uur per dag oop is, moet as voldagskole beskou word en is in die reël in die lewe geroep ter wille van kleuters van werkende moeders, wat dan ook in die geval van hierdie skole na aanleiding van die antwoorde op vraag 45, wissel tussen 90% en 100%. Hierdie skole verskil wat die lengte van die dag betref dan uiteraard nie van die versorgingsoord nie. Die kleuterskole maak egter daarop aanspraak dat hulle 'n opvoedkundige program onder leiding van spesiaal opgeleide personeel aanbied in teenstelling met die uitsluitlike oogmerk van versorging deur oppassers in die versorgingsoord. Van hierdie skole bestaan in en by versorgingsoorde, die sgn. „cum-crèches", ter wille daarvan om kinders van enige voorskoolse ouderdom uit dieselfde huis naby mekaar in dieselfde inrigting te hê.

(40) Arndt, dr. Ruth : Presidensiële rede 5 Julie 1961, Bloemfontein ; stukke van die K.S.V. van S.A. „Kleuterskool-Handboek" (1960), hoofstuk VIII, pag. 84 verder.

Oor voldag-kleuterskole het die K.S.V. van S.A.
hom onlangs soos volg uitgelaat:

"But because of the wide-spread employment of married women to-day there is a great demand for all day care of children and many nursery schools have been forced, in order to meet this need, to keep the children all day, while endeavouring at the same time to follow nursery school programme and standards." (41)

Die voldag-kleuterskole uit genoemde 84 skole is dan ook hoofsaaklik deur liefdadigheidsorganisasies in die lewe geroep en is by uitstek „omstandigheid-skole“.

- b) Nou met die lengte van die dag hang saam die lengte van die kleuterskoolweek en -jaar. Geen kleuterskoolweek is langer as vyf dae nie. Van 76 kleuterskole wat antwoorde op vraag 31 verstrek het, volg 66 die kalenders van die provinsiale Onderwysdepartemente, twee dié van die Departement, Onderwys, kuns, en Wetenskap, terwyl 8 dié hele jaar oop bly. Hierdie laasgenoemde skole is weer almal voldagskole, is terwille van kleuters van werkende moeders daargestel en ontvang geen provinsiale steun tydens tydperke wat as vakansies vir provinsiale skole neergelê is nie.

7. VERSLAE: (42)

- a) Ooreenkomstig die antwoorde verstrek op vrae 27 en 28 van die vraelys en bykomstige gegewens wat kleuterskole in dié verband verstrek het, kan die volgende soorte verslae onderskei word wat deur erkende kleuterskole gebruik word:

(41) K.S.V. van S.A. : „Memorandum presented to the Financial Relations Commission" Nov. 1961 ; stukke van die K.S.V. van S.A.

(42) Vgl. ook die voorbeelde van verskeie verslagvorme in die „Kleuterskool-Handboek" van die K.S.V. van S.A. (1947 en 1960).

- i) Verslae opgestel deur onderwyseresse oor kleuters na n eerste en opvolgende onderhoud met ouers.
- ii) Vorderingsverslae oor kleuters wat periodiek aan ouers gestuur word.
- iii) Mediese verslae, waaronder onderskei kan word:
 - a. Verslae van periodieke ondersoeke deur onderwyseresse, dokters en/of tandartse.
 - b. Verslae wat periodiek ter inligting aan ouers verstrek word.

Die eersgenoemde verslae word opgestel vir gebruik in die skool met die oog op die individuele behandeling van die kleuter en bevat oor die algemeen persoonlike besonderhede oor die huislike omstandighede, gewoontes, gedrag en liggaam van die kleuter.

Die tweede soort verslag is n individuele ontwikkelingsverslag van die kleuter, opgestel met die doel om ouers in te lig oor kleuters se vordering. Hierdie verslae bevat deurgaans geskrewe besonderhede oor fisiese ontwikkeling, gewoontevormende aktiwiteite, sosiale ontwikkeling en aanpassing, die ontwikkeling in of van bepaalde belangstellinge of aanlegte, taalontwikkeling, emosionele ontwikkeling. Sommige kleuterskole probeer daarmee n beeld gee van die hele persoonlikheidsontwikkeling van die kleuter. Daar is selfs voorbeelde gevind waar die gebruikelike verslagvorm aangevul word deur periodieke, volledig geskrewe verslae oor kleuters. (43)

Die eerste van die derde soort verslae word ter wille van deeglike kennis en kontrole vir gebruik in die skool gehou, terwyl die tweede op dieselfde grondslag as die/.....

(43) Mooi voorbeelde hiervan is ontvang van die Josephine Pritchard kleuterskool, Bloemfontein.

as die ontwikkelingsverslae n samevatting is van die vernaamste tendense wat daar uit mediese en tandheelkundige ondersoeke voortvloei en ter inligting aan ouers gestuur word.

D.m.v. hierdie verslae wil die kleuterskool dan die kleuter deeglik leer ken, die huis op hoogte van sy bevindinge stel en koöperatief met lg. die opvoeding van indiwiduele kleuters beplan. Dit het dan ook ten doel die verbetering van die kennis van ouers van hulle eie kinders en daarmee gepaardgaande verhoging van die peil van huislike opvoeding. Dit bring mee n noodsaaklike onderlinge oorlegpleging tussen huis en skool. Hoe doeltreffend dit geskied, was nie te bepaal nie.

- b) Van 76 kleuterskole wat vraag 27 van die vraelys beantwoord het, stuur 68 periodiek vorderingsverslae aan ouers. Dit is hoofsaaklik privaat, nie-geregistreerde kleuterskole wat geen verslae van kleuters hou en aan ouers stuur nie.

Van dieselfde 76 kleuterskole stuur 58 ook periodiek mediese verslae aan ouers (Vraag 28.)

Ooreenkomstig die antwoorde op vraag 30 verstrek, stuur die oorgrote meerderheid van hierdie skole hulle verslae sesmaandeliks aan ouers (56 uit 76 : 73.7%) Vyf kleuterskole maak melding van kwartaallikse verslae, ses van jaarlikse verslae en een van daaglikse verslae! Die res geld hoofsaaklik privaat, nie-geregistreerde kleuterskolé (7 uit 8) wat geen verslae stuur nie.

- c) Opvoedkundige verslaghou en verslaggewing kom dus as n bepaalde kenmerk van die Suid-Afrikaanse kleuterskool voor. Dit is dan ook n verdere belangrike aspek waarin die kleuterskool van die versorgingsoord verskil.

8. AFSTAND:

n Baie belangrike vraag, met die oog op die bepaalde afhanklikheid, fisies en andersins, van die ouderdom kind in die kleuterskool en die opvoedkundige implikasies wat daarmee mag saamhang, is seer sekerlik hoe ver die kleuterskool van die huis geleë is.

Altesaam 62 uit 66 kleuterskole, waarvan 10 privaat geregistreeerde en nie-geregistreeerde kleuterskole is, het in antwoord op vraag 46 van die vraelys berig dat sommige of al die kleuters van daardie skole meer as een myl van die skool woon. Van die originele 4 kleuterskole is 2 Weeshuiskleuterskole en 2 oorwegend Joodse kleuterskole, by wie geen kleuter verder as een myl van die skool woon nie. Genoemde 62 kleuterskole se antwoorde is in die volgende tabel saamgevat:

TABEL XXIV: Groepering van 62 kleuterskole ooreenkomstig afstand tussen huis en skool.

Persentasie van inskrywings verder as een myl van skool woonagtig.	Getal skole		Totaal
	Ondersteunde	Privaat.	
Minder as 25%	8	7	15
25% tot 49%	12	0	12
50% tot 99%	30	1	31
100%	2	2	4
TOTAAL:	52	10	62

Dit wil uit die tabel voorkom of die kleuterbevolkings (d.i. inskrywings) van privaat skole meer gekonsentreerd is as dié van ondersteunde kleuterskole, en is belangrik as in aanmerking geneem word dat die privaat kleuterskole oorwegend semi-stedelike

en /.....

en plattelandse kleuterskole is, terwyl die ondersteunde skole oorwegend stedelike skole is. In 61.5% van die ondersteunde skole woon 50 of meer persent van die kleuters meer as een myl van die skool af. Tale van hierdie skole het reeds hulle hoogs moontlike inskrywing bereik of oorskrei, terwyl reeds verwys is na die feit dat by baie van hierdie kleuterskole n waglys bestaan, maar dan moet in gedagte gehou word dat volgens die voorgaande gegewens die meerderheid n voedingsgebied van meer as twee myl in deursnee het. Dit verskerp die indruk dat in die stede, met hulle groter bevolkingsdigtheid, kleuterskole in meerderheid gevalle nie n gekonsentreerde behoefte is nie. Daarby moet ook gemeld word dat die Joodse kleuterskole hulle juis daarvoor beywer om Joodse kinders uit omvattende gebiede te trek: in 8 uit 14 Joodse kleuterskole woon meer as 50% van die kleuters meer as een myl van die skool af.

Die afstand vanaf die kleuterskool raak die vervoer van die kleuters en die gereelde noue wedersydse kontak of voeling van die ouer en die skool. Hoe groter die afstand, hoe groter die probleme t.o.v. beide aspekte.

d) DIE STELSEL:

Indien dit wat hierbo onder veral b) bevind is n verteenwoordigende monster van die organisatoriese aard van die kleuterskool in Suid-Afrika^{is}, kan wanneer oppervlakkig beskou twee hoofstelsels van kleuterskole onderskei word:

- i) n Stelsel van suiwer staatskleuterskole t.o.v. daardie kleuterskole wat deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap as oefenskole aan opleidingskolleges en huishoudskole gestig, beheer en in stand gehou word.

ii) n Stelsel van privaat kleuterskole.

Word die lg. stelsel na die aard van die organisasie van dié skole ontleed, kan verder die volgende stelsels daarin onderskei word: (44) . . .

(I) n Stelsel van ouer-groepskole met provinsiaal variërende, beperkte staatsteun, t.o.v. dié skole wat deur ouers in gemeenskap gestig word.

(II) n Stelsel van private instansieskole, met provinsiaal variërende, beperkte staatsteun, t.o.v. die skole wat deur allerlei opvoedkundige en nie-opvoedkundige organisasies, met of sonder ouerverteenwoordiging, gestig en beheer word. Volgens tabel XVI, pag. 177 wil dit op grond van die stigting (en dan ook beheer, vgl. tabel XVIII, pag. 184), voorkom of hierdie stelsel die verteenwoordigendste is in die land.

(III) n Stelsel van private instansieskole, sonder staatsteun, t.o.v. die skole wat deur private organisasies ter wille van die kinders van seksionele of enersdenkende groepe georganiseer word.

(IV) n Stelsel van onafhanklike onderwyserskole of private persoonskole.

(V) n Stelsel van plaaslike owerheidskole, met of sonder beperkte staatsteun.

Gemeet aan die wese van die stelsel van „Vrye Groepskole" (45) is nie n enkele groep kleuterskole, waarvan kennis/

44. Vgl. ook tabel X, pag. 136 van hierdie verhandeling.

45. Vgl. vir duidelike prinsipiële uiteensettings:
 Bingle, prof. dr. H.J.J.: „C.N.O.", referaat gelewer gelewer voor die 65 ste Algemene Jaarvergadering van die T.O.; „Onderwysblad", dl. LXIX, nr. 753 Julie 1962, pag. 77 verder.
 Coetzee, prof. dr. J. Chris: „Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal, 1859 - 1937", pag. 51 verder.

kennis gedra word, in Suid-Afrika dan Christelik-Nasionale inrigtings nie. Die stelsel van kleuterskole wat die naaste daaraan kom is dié onder (I) hierbo genoem, maar al drie die opvoedingsmagte (Ouers, Kerk en Staat) is nie in hierdie skole in dié besondere verhouding tot mekaar, soos deur proff. Coetzee en Bingle uiteengesit, betrek nie, terwyl die staat ook in geeneen van die private skole die aktiwiteitsprogramme voorskryf nie.

7. SAMEVATTENDE TIPERING:

a. TIPES KLEUTERSKOLE:

Behalwe wat hierbo onder 6 uiteengesit is, kan ook tussen die volgende tipes skole onderskei word:

- i) Soos gesien is vanuit die oogpunt van stigting, beheer en instandhouding te onderskei tussens staatskleuterskole, privaat ondersteunde, geheel onafhanklike kleuterskole en Munisipalekleuterskole.
- ii) Uit die oogpunt van die lengte van die skooldag kan onderskei word tussen halfdag-, halfvoldagen voldagkleuterskole, waaronder die tweede groep die verteenwoordigendste is.
- iii) Uit 'n kalenderoogpunt kan onderskei word tussen dié kleuterskole wat die kalender van die provinsiale onderwysdepartemente volg en voljaarkleuterskole.
- iv) Vanuit 'n nasionaliteitsoogpunt kan onderskei word tussen suiwer Engelse, suiwer Afrikaanse, Suiwer Joodse en "gemengde" kleuterskole, waaronder die laasgenoemde groep die grootste getal vorm.

b. In die/.....

- b. In die lig van die oorwegende tendense van die kleureskoolpraktyk in Suid-Afrika kan die meeste kleuterskole vir blanke kinders nou samevattend gekarakteriseer word as uit die „nuwe" opvoedkunde gebore en hoofsaaklik stedelike inrigtings, waarvan die gees godsdienstig neutraal en die opset internasionaal geneigd is, wat oorwegend deur privaat inisiatief, met of sonder staatsteun, georganiseer word en wat met behulp van oorwegend onopgeleide personeel en 'n biologies en sielkundig gefundeerde program die voorskoolse kind vanaf die tweede lewensjaar, aanvullend en/of vervangend tot die ouerhuis opvoed. So is die kleuterskool ook hier te lande wesenlik anders as die versorgingsoord (creche) wat ten behoeve van die behoeftige huis en werkende moeder slegs voorskoolse kinders ~~ff~~asies wil versorg. Tog is daar 'n groot aantal kleuterskole wat oorwegend 'n sosiale karakter dra, en ook hoofsaaklik om daardie rede gestig en in stand gehou word. Maar na sy hele opset is die kleuterskool ook wesenlik anders as die kindergarten, waar dié hier te lande nog bestaan. Die kindergarten het in hierdie land 'n oorwegend formele karakter gaan aanneem en dien as voorbereidende stadium vir die laerskool, waardeur dit met die ou Engelse Infant School vergelyk kan word, of selfs met die hedendaagse Amerikaanse kindergarten. (46)
- c. Die Kleuterskool in Suid-Afrika is daarom, soos sy geesverwante in Engeland en Amerika, geen skool in die gewone sin van die woord nie, maar eerder 'n kleutertuin, kleuteropvoedingsentrum, speelsentrum of kleuterontwikkelsentrum.

-----ooOoo-----